Hoofstuk 3

Grondbesetting langs die Vaalrivier – voetspore uit die verlede

Die geskiedenis van die Vredefortkoepel, 'n gebied wat histories 'n gesogte vestigingsterrein vir opeenvolgende golwe van nedersetters was, dui op die dinamiese rol wat die Vaalrivier in die wel en wee van mense gespeel het. In die vorige hoofstuk is daar gekyk na die geografiese en klimatologiese omstandighede in die Koepel. In hierdie hoofstuk word daar na die kultuurhistoriese voetspore gekyk.

In die inleiding tot die prosawerk *Anderkant die berge* beskryf C.M. van den Heever die vestiging langs die Vaalrivier, in die milieu van die onderhawige gebied, besonder gepas:

> *Die groot stryd van die bloed het hier in oorwinning vir die sterkste geëindig. Ontelbare lewende wesens het verskyn en weggesink in die tyd ... Inboorlingstamme het deur die digte bosse hulle pad oopgebreek en met vreugde die water sien oopglans. In lang rye het hulle glimmende lywe langs die watersoom neergehurk. Krag het van die water uitgegaan. Op die rivierwalle is geveg. Baie lewens is vernietig of dit geen waarde het nie. Oë het groot van vrees opgekyk voordat die lewe daaruit geslaan is ... En toe het die witman soos 'n veroweraar gekom en aan die oewer van die groot water gestaan. Die inboorling het verskrik en slu in die bosse se geheimsinnigheid verdwyn, waar geel oë in die donker nagte geglim het. Dorre gekraak deur die riete en ruigte is gehoor soos die groot diere van hulle drinkplekke wegvlug. Met luide geplas het ander in die waterdieptes verdwyn. Daar het skote geval. Die aanslag op die natuur se ryk was daar. Ja, langs die stromende water het die veroweraar stilgehou. Hy en sy perd het gedrink. Oor alles, van die rivier af tot by die berge, het hy met 'n berekenende oog gekyk. Sy geharde hand wat die geweer omvat, is magtig. Hy het op sy perd geklim en weggery. Hy sal terugkom. Hy weet wat hy wil ... En die rivier stroom.*[1]

Die vestiging van diegene van Europese herkoms langs die Vaalrivier in die Koepel-omgewing het nie sonder botsings plaasgevind nie. Daar is wapens op die walle van die Vaalrivier opgeneem; dié met gewere en perde het oorwin en die inheemse bevolkingsgroepe het weggevlug. Daar is baie ruimte vir ironie in

[1] C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

hierdie uitspraak, waaruit dit blyk dat die teenwoordigheid van die Vaalrivier 'n vreugde vir die inboorlinge was, maar hulle moes vlug vir hulle lewe. Die San het gedurende die Laat-Steentydperk (40 000-200 jaar voor die huidige) deur die Koepel-omgewing langs die Vaalrivier getrek en enkelinge het hulle hier gevestig. Verder het die Sotho-Tswanas vóór die *Difaqane* (of *Mfecane*)[2] in die heuwels gebly, en sedert 1836 het mense van Europese herkoms (ook Voortrekkers genoem)[3] hulle hier gevestig. Gedurende die Groot Trek[4] (1834-1854),[5] die vestiging van die Boererepublieke, asook die ontdekking van diamante en goud, het die Vaalrivier 'n prominente rol gespeel. Derhalwe was die 19de-eeuse nedersetting van mense van Europese afkoms 'n besonder invloedryke faktor in die interaksie tussen die rivier en die Koepel-omgewing. Daar moet op gelet word dat die wyse waarop mense hulle in dié gebied gevestig het, in 'n groot mate om die teenwoordigheid van die Vaalrivier en die beskikbaarheid van water gewentel het.

---

2 *Difaqane* is die Suid-Sotho-benaming vir die periode (ongeveer 1821 tot 1828) van stryd, verstrooiing en uitroeiing wat as gevolg van die optrede van Shaka in KwaZulu-Natal na die Vrystaat en noord van die Vaalrivier versprei het, en *Mfecane* die Xhosa-benaming vir hierdie verstrooiinge, in P.J. Coertze & R.D. Coertze, *Verklarende vakwoordeboek vir die Antropologie en Argeologie*, pp. 58, 194.

3 Hierdie term wat in die volksmond ontstaan het, verwys na die eerste families of trekgeselskappe (letterlike voorste trekkers), wat teen 1835-1838 uit die Kaapkolonie na die Vrystaat getrek het. Daar word ook na hierdie groep as die "emigrant boeren" (deur die Britse owerheid), "reizigers of landverhuizers" (trek met wa, osse en besittings) verwys, F.A. van Jaarsveld, "Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe 'Voortrekkers' en 'Groot Trek'" in *Hertzog-Annale van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 4(2), Des. 1955, pp. 81, 84. Dit is nodig om kennis te dra van die feit dat die lede van die trekgeselskappe egter 'n ander onderskeid getref het, naamlik; Swerftrekkers (vóór 1835), Voortrekkers (Potgieter, Trigardt, Van Rensburg en Maritz se trekke), Agterste trekke (teen Okt. 1836) en Natrekkers (ná Des. 1837) in G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (1)*, p. 16.

4 Bogenoemde term verwys na die groep landsverhuisers wat gedurende 1835-1838 vanaf die Oos-Kaapse distrikte na die binneland van suidelike Afrika, met vee en besittings op 'n wa met osse getrek het. Daar is ook na hierdie migrasieproses verwys as "emigrasie", "landverhuizing", "vereenigen Laagen" of "onzen Maatschappy" F.A. van Jaarsveld, "Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe 'Voortrekkers' en 'Groot Trek'" in *Hertzog-Annale van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 4(2), Des. 1955, pp. 76, 77, 84.

5 Hierdie jaartalle is gebruik deur C.F.J. Muller, "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854" in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 151.

Vestiging

Die "Wieg van die Mensdom"-wêrelderfenisgebied wat binne die Impakarea val,[6] bestaan uit die Sterkfonteingrotte, Swartkrans, Kromdraai en die omliggende dele, waar van die oudste *hominied-* of aapmensfossiele (*Australopithecus africanus*) meer as 3 miljoen jaar gelede aangetref word.[7] In dieselfde gebied het Lee Berger in 2008 'n 1,9 miljoen jaar oue vrou en seun (*Australopithecus Sediba*)[8] by die Malapa-fossielterrein gevind.[9] Ook ander fossiele van uitgestorwe dier- en plantspesies, vasgevang in dolomiet-rotse wat na raming tot 2,5 miljoen jaar oud is, is hier gevind.

Oudste voetspore

Van die Laat-Steentydperk is die San die bekendste groepering van mense wat in die binneland van Suid-Afrika gebly het. Hulle kon, na raming, so lank gelede as 40 000 jaar voor die hede reeds in die Koepel vertoef het. Dis verstaanbaar, want daar was volop wild, water en rots-skuilings. Hulle het geen vee gehad nie, net honde, en ook niks geplant nie, maar eerder geleef van wilde plante, heuning, sprinkane, mierlarwes en enige iets wat hulle kon jag.[10] Daar is byvoorbeeld gedurende die droë winterseisoen tydens jagtogte, water uit plantwortels getap vir oorlewingsdoeleindes. Bolle en uintjies is uitgegrawe en slegs dié deel van die plant wat hulle vir hul behoefte benodig het, is verwyder, waarná die wortels sorgvuldig met grond bedek is sodat die plant weer kon herstel. Gevolglik het hulle min skade aan die natuurlike omgewing aangerig. Die eiers van rysmiere en sprinkane, asook die jong sprinkaan self, het as voedsel gedien.[11] Ook die honde wat hulle aangehou het, het 'n sprinkaandieet gevolg, behalwe wanneer daar volop vleis voorhande was.[12] Somtyds het reisigers op gate afgekom, wat met latte en grond bedek is om wilde diere te vang. Aan fonteine in hulle jaggebiede

---

6 Kyk ook hoofstuk 2, *Figuur 2*.

7 C.G. Sampson, *The Stone Age Archaeology of Southern Africa,* p. 26.

8 "Sediba" beteken fontein, waterbron of waterput in Sotho, L.R. Berger, e.a., "Australopithecus Sediba, a new species of Homo-like Australopith from South Africa" in *Science*, 328(5975), 9 Apr. 2011, p. 195.

9 L.R. Berger, e.a., "*Australopithecus Sediba*, a new species of Homo-like Australopith from South Africa" in *Science*, 328(5975), 9 Apr. 2010, p. 195.

10 G.M. Theal, *South Africa (The Union of South Africa Rhodesia, and all other territories south of the Zambesi),* p. 2.

11 G.W. Eybers, *Op die voetspoor van die ou reisigers, stories uit Kolbe, Barrow, Lichtenstein en Campbell*, pp. 94, 95.

12 G.W. Eybers, *Op die voetspoor van die ou reisigers, stories uit Kolbe, Barrow, Lichtenstein en Campbell,* p. 94.

is groot waarde geheg, aangesien hulle hier drinkwater gekry het en diere voorgelê het. Verder is die waterbronne en die grond in die omtrek daarvan as gemeenskaplike eiendom van 'n groep (bende) beskou, en pogings om 'n stuk veld wat ryk is aan veldkos of 'n fontein af te neem, is met groot teenstand afgeweer.[13] Droogtes het groot druk op die San-gemeenskappe geplaas, aangesien die wild weggetrek het en die natuurlike plante, wat hierdie groep se stapelvoedsel was, verdor het, soos uitgebeeld in die "Reëndans van die Boesmans".[14] Die ondertoon van hierdie gebed is wanhoop as gevolg van 'n gebrek aan voedsel, omdat die reën wegbly.

Parabhize, u voete
het ons land deurkruis.
Reën het verdwyn.
Ons verhonger.
Ons sterwe.
Stuur vir ons reën.
Sleep u voete
Oor die vlakte –
Sodat plante kan opskiet
En vrugte dra
Om ons weer lewe te gee.

Vir die strekking van hierdie studie sal ons alleenlik dit wat die San in hierdie omgewing agtergelaat het, naamlik klipwerktuie en rotskuns, kortliks aanraak.

Dit is interessant om daarop te let dat daar by alle kultuurgroepe vanaf die vroegste tye bepaalde kunsvorme, al is dit hoe primitief, gevind word. Rotskuns is op sigself 'n onderwerp van groot omvang, en daarby een wat wemel van vraagstukke, veral wat die ouderdom van die skilderye, hulle verband met prehistoriese kulture en die beweegredes vir die kunsuitinge betref. Volgens Battiss vertoon die oudste geskilderde terreine in Suid-Afrika min of meer dieselfde beskrywing: 'n goedversteekte, uitgeholde sandsteenrotswand naby water, wat ook as blyplek gedien het.[15] Nuwer terreine uit 'n latere tydperk bestaan weer uit holtes in groot, losstaande graniet-monoliete en op donker granofierrots (ysterklip) in die veld. Voorgenoemde beskrywing kom grootliks ooreen met die terreine waar rotskuns in die Koepel gevind is.

---

13 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 142.

14 C. Fourie (red.), *Splinters uit die vuur, Boesmanstories*, g.p.

15 W. Battiss, *The artists of the rocks*, p. 23.

Die rotskuns in die Koepelarea, wat selde in bronne aangedui word, kan in twee soorte verdeel word, naamlik die rotsskilderye en die rotsgravures. Eersgenoemde is met 'n verfmengsel op die rotsoppervlak geskilder, en laasgenoemde is met 'n skerp voorwerp ingegraveer. Die betrokke terrein is in hierdie opsig uniek, aangesien daar beide gravures en skilderye hier aangetref word. Vier rotskuns-terreine is reeds in die area geïdentifiseer,[16] en dit is hoogs waarskynlik dat daar nog verskeie ongedokumenteerde terreine mag wees. Die genoemde terrein[17] is langs die Mooihoek-staproete (tussen Mooihoek 1182 IQ en Nauwpoort 257 IQ) in die holte van 'n groot, losstaande graniet-monoliet gevind. Dié skildery bestaan uit twee moontlik onverwante tonele: 'n dier (moontlik 'n bees)[18] en 'n man-en-vrou-toneel. Die distorsie of die verstoring van normale liggaamsproporsies is hier kenmerkend van die voorstellings van beide die dier en die mens se paringstoneel. Die manlike geslagsorgaan is baie prominent en in 'n horisontale ereksie-posisie voorgestel, wat waarskynlik 'n erotiese betekenis mag hê. Soos genoem blyk dit dat die skilderye haastig met die vinger gedoen is, en die afwerking swak is. Hierdie rotskunstonele blyk uit 'n latere historiese tydperk te wees, en die mense kom groot, swaar en onbeweeglik voor. Die uitbeelding van die bees dui heel waarskynlik op die kontak tussen die San en die Nguni- en Sotho-Tswana-boere. Die San het aanvanklik vreedsaam saam met hierdie Nguni-sprekende groepe gebly en met hulle vermeng geraak. Hulle tradisionele jagtersbestaan kon egter nie met die gewoontes en gebruike van die gevestigde Bantoe-sprekendes versoen word nie, en wrywing het ontstaan. Gevolglik was daar konstante onmin tussen die San en hierdie groepe oor weiding en water.[19] Verder was die getalle en wapens van die San nie opgewasse teen die genoemde

---

16 Tydens die onderhoude met sommige van die inwoners in die Koepel, het hulle mededelings gemaak oor verskillende rotskunsterreine op rotse waar hulle as kinders in dié area gespeel het. Grondeienaars is egter huiwerig om die bestaan van sodanige San-rotskuns op hulle plase bekend te maak, omdat hulle bang is vir die onteiening van dié gedeeltes, en vrese koester vir 'n toeloop van besoekers, asook die beskadiging van die kuns.

17 Kyk ook hoofstuk 2, *Figuur 8*.

18 Deur middel van die data en waarnemings van die Duitse etnoloog W.H. Bleek en sy dogter, Dorothea, en bykomende onderhoude met San-nasate, het Lewis-Williams vasgestel dat verskeie rotsskilderye geassosieer word met sjamanistiese gelowe, wat gepaard gaan met ekstatiese transformasie van geneeskragtige mans en vrouens in die lyf van 'n eland of aan 'n bees, met betrekking tot een of ander belewenis wat hulle deel, soos weerspieël in rituele of seremonies wat geassosieer word met jag, reënmaak, puberteit, siektetoestande en die dood, in T.R.H. Davenport, *South-Africa – a modern history*, p. 3.

19 G.M. Theal, *South Africa*, p. 4.

Nguni-groep nie; derhalwe het hulle in getalsterkte afgeneem en is hulle gedwing om óf te assimileer óf weg te vlug.

Op Chazen is daar binne 'n beskutte rots-oorhang tekeninge van Voortrekkervroue met hulle kenmerkende lang rokke, 'n man met 'n geweer, 'n ossewa en 'n kerkie. Die teenwoordigheid van mense en kultuurvoorwerpe uit 'n historiese tyd wat dateerbaar is, is 'n aanduiding dat sommige van die rotsskilderye in hierdie studie-area nie baie oud is nie.[20] Die San was geensins opgewasse teen die mobiliteit (perde) en wapens (gewere) van die vee- en trekboere nie. Dit is dus te verstane dat die San-getalle gedurende hierdie tydperk drasties afgeneem het. Een van die ou inwoners van die Koepelberglandgebied meen dat daar 'n moontlikheid bestaan dat hierdie rotstekeninge tydens die Anglo-Boereoorlog geteken is. Dit is heel moontlik, aangesien die ligging van die tekeninge op die plaas Renosterpoort 108 IQ is, wat aan genl. Christiaan de Wet behoort het en waar die Boere vir 'n paar weke gekamp het. Daarby stem die kerkie grootliks ooreen met die argitektuur van die N.G. kerk op Vredefort.[21] Die behoefte om jou "merk op die omgewing agter te laat" is nie beperk tot 'n enkele kultuur nie. So is daar ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deur Kobus Burger, wat onderwyser by die Rensburgsdrift se skool was, 'n Afrikanerbul, volstruis en perd op die rotse by die plaaswoning geskilder.[22] Dit is egter gedeeltelik in 'n brand verwoes.

Van die ouer inwoners van die omliggende streke het melding gemaak van rotsskilderye[23] in die skeur van 'n rotsoorhang, met 'n eland en ander grootwild as tema, by die Geloftefeesterrein op die plaas Feesdrift 930 IQ (by Dewetsdrift).[24] 'n Koepel-inwoner wat sy hele lewe in hierdie omgewing gewoon het, het voorts gemeld dat hy as kind verskeie rotsskilderye soos dié op Feesdrift 930 IQ ook in

---

20 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03. Tydens die onderhoud is melding van die rotskunsterrein gemaak, maar die terrein kon nie besoek word nie.

21 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), telefoongesprek 2012.03.19.

22 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" p. 18.

23 GPA, MO2, J. de Klerk (55), Vaalkop 2011.02.10; GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05.

24 Daar is gepoog om saam met die eienaar van die plaas na die rotsskilderye te soek, maar die omgewing is baie ruig en vervuil met inkbessies. Na 'n hele paar uur se soek, paadjie skoonkap met 'n panga en die moontlikheid van slange in die gras, het ons onverrigtersake halt geroep.

die koppe en by die strooise of statte, op Riverside 1135 IQ, waar hulle gespeel het, gesien het.[25]

Die voorkoms van San-gravures dek 'n relatief kleiner gebied as die San-rotsskilderye in die suidelike dele van Afrika (Namibië, Suid-Zimbabwe en die Republiek van Suid-Afrika). Die genoemde terrein met rotsgravures is op die granofierrots-rif op Daskop 1103 IQ in die studie-area ontdek.[26]

Hierdie gravures is met 'n skerp voorwerp op donker rotse gegraveer, sodat die ligter deel van die rots sigbaar is en perspektief op hierdie manier geskep is. Die temas is diere en een mensfiguur. Die mensfiguur lyk na die afbeelding van 'n swanger vrou wat wydsbeen op haar hurke sit en moontlik in kraam is (*Figuur 13*). Die gravure van 'n persoon met 'n groot torso, klein kop en geen arms nie is aan verwering blootgestel. Dit kan vergelyk word met 'n soortgelyke vrouefiguur wat met 'n vroulike inisiasie-ritueel verband hou, in 'n rotsskildery in die Drakensberg (*Figuur 14*).[27]

Wat die bewaring van die gravures betref, is dit duidelik dat dié gravures verweer weens blootstelling aan die elemente (son, reën en wind). Vreemd is dit ook dat sommige mense hulle eie "gravures" op die rotse aanbring, terwyl ander weer van die rotskuns uitgekap en huis toe geneem het, en dan bokant 'n kaggel ingemessel het.[28]

---

25 GPA, MO2, J. de Klerk (55), Vaalkop 2011.02.10. Die term "stat" word in hierdie studie in historiese verband gebruik. In hierdie geval is die terme "strooise of statte" deur die verteller gebruik.

26 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.10.09, het met die nodige toestemming van die grondeienaar as toergids hierdie gravures uitgewys.

27 P. Mitchell, *The Archaeology of Southern* Africa, p. 212.

28 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Koppieskraal 2011.05.21.

Figuur 13: ’n Gravure van ’n “swanger” vrou[29]

[29] GPA, proefskriffoto’s: C. Gouws, Daskop 2010.10.09.

Figuur 14: 'n Rotsskildery van 'n "magiese vrouefiguur"[30]

Die oudste voetspore van mense uit die verlede wat ons binne die Koepelgebied vind, is dié van die San uit die Laat-Steentydperk en daarna die Bantoe-sprekendes[31] uit die Laat-Ystertydperk,[32] wat hoofsaaklik deel is van die

30 P. Mitchell, *The Archaeology of Southern Africa*, p. 212.

31 'n Term wat verwys na die inheemse bevolkingsgroepe, waaronder die Nguni (Swazi-, Zulu-, Ndebele- en Xhosa-sprekendes), die Sotho (Suid-Sotho-, Noord-Sotho- en die Wes-Sotho-

studiegebied van die Antropologie[33] en Argeologie.[34] Die Steen- en die Ystertydperk verwys na die tyd toe die mens vir die eerste keer werktuie en wapens van dié onderskeie materiale gemaak het. 'n Beduidende, en miskien beslissende ontwikkeling in die mens se ontwikkeling was die skepping van die klipwapen of -werktuig. In Suid-Afrika word van die heel eerste van hierdie werktuie in hul duisende oor uitgestrekte gebiede aangetref. Dit wissel van klein klipwerktuigies tot mooi afgewerkte klip-handbyle en getuig van groot bedrywigheid wat oor duisende jare gestrek het.

Dit blyk dat daar verskeie terreine van argeologiese belang oor die Vredefortkoepelgebied versprei is. Daar is reeds 'n paar gedokumenteerde terreine waar klipwerktuie uit die genoemde tydperk gevind is. Hierdie ryk en belangrike erfenisterreine vind ons by, onder meer, die rotsskuiling op Buffelskloof 511 IQ (Thabela Thabeng net buite die dorpie Venterskroon), twee terreine op die plaas Parsons Rus 465 IQ (waarvan een langs 'n droë stroombed is), en 'n terrein op die walle van die Vaalrivier (net voor die Schoemansdrifbrug). Daar lê 'n beduidende hoeveelheid klipwerktuie soos afgewerkte lemme, handbyle, kerne, skrapers en vuisklippe oor die Koepellandskap verstrooi.[35] Verder is daar ook verskeie kleipot-skerwe en oorblyfsels van handgemaakte ongeglasuurde kleipotte

---

sprekendes), die Venda, die Tsonga (Tsonga- en Shangaan-sprekendes) en die Herero-Ovambo ingedeel word. Soms ook Bantu geskryf.

32 Die vroeë tydperk van boerdery en metaalbewerking dateer van 200-900 n.C. of 1800-1100 jaar voor die huidige, toe Bantoe-sprekende mense met kennis van ystersmeltery hulle in Botswana, Mosambiek en die oostelike kusstreke van Suid-Afrika gevestig het. Opgrawings het yster en metaalskuim van metaalbewerking en ander bewyse van die statlewe ontbloot, wat aantoon dat dié mense hul kennis en vaardighede saam met hulle gebring het.

33 Ook Volkekunde genoem. Die vakgebied wat hom grotendeels besig hou met die studie van primigene volke en gebruik – 'n transdissiplinêre benadering waarin ras (Anatomie, Fisiologie, Patologie, Paleontologie en die Genetika) en kultuur (Sielkunde, Ekonomie, Staatsleer, Regte, Opvoedkunde, Kuns, Musiek, Taal- en Letterkunde, Teologie, Sosiologie en Geskiedenis) grootliks 'n rol speel, P.J. Coertze, "Inleiding" in P.J. Coertze (red.), *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p. 4.

34 Die Argeologie bestudeer die mense en kulture van voor- sowel as vroeg-historiese tye, met ander woorde uitgestorwe volke en kulture, en is ten nouste verbind met die Antropologie. Argeoloë kry hulle gegewens deur opgrawingswerk, in die vorm van menslike en kulturele oorblyfsels wat oor honderde jare bewaar gebly het.

35 GPA, MO2, J.S. van der Merwe (74), Thabela Thabeng 2008.06.03; GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

waarin water geberg is, in die reeds ontdekte San-rotsskuilings opgetel[36] en ook by verskeie argeologiese terreine opgegrawe.

Die argeologiese naam "Ystertydperk" is afgelei van die feit dat die betrokke mense 'n merkwaardige kennis van metallurgie gehad het. Die mens was ongetwyfeld gefassineer deur die tegnologie namate hy bekend geraak het met die moontlikhede van yster, en hy het derhalwe begin streef na meer gesofistikeerde werktuie. Om toerusting van yster te kon maak, moes hy in staat gewees het om die betrokke grondstof te identifiseer, te smelt en te bewerk, wat 'n hoë vlak van tegnologiese vaardigheid vereis het. Smeltoonde[37] is gebou van klei wat hulle laat droog word en dan hard bak. Daar is 'n holte bo in die oond waarin die erts afgegooi word en onder is die plek vir die vuur. Takke en stompe is in diep gate in die grond halfpad uitgebrand, en die houtskool is dan as brandstof in die oond gebruik. Om hoë hitte te verkry is die vuur voortdurend met 'n blaasbalk geblaas. Hierdie instrument bestaan uit twee dele, die sakgedeelte van bokvel wat aan mekaar gewerk is en die mondgedeelte: 'n hol horing of die murgbeen van 'n volstruis. Verder is 'n klip of ysterhamer gebruik om die metaal te smee en te bewerk, en 'n harde rotsblok as aambeeld. Soms is die gesmelte metaal in kleivorms gegooi om assegaaipunte, beitels, ploegpikke, lang S-vormige hake, byle, vegbyle, klein harpoentjies en skerp naalde te vorm.[38] Soortgelyke metaalvoorwerpe is ook in die Koepel-omgewing vervaardig.[39]

Die oudste gedokumenteerde inligting dui daarop, dat die Fokeng- en Kwena-groepe reeds sedert die 16de eeu in die Koepelarea gewoon het.[40] Die Fokeng (ook bekend as die Ghoya, Lighoya,[41] Lekoa, Hoja of Taung deur sommige skrywers)[42] het klipkorbeelhutte[43] gebou, wat vandag nog in die noordelike deel

---

36 GPA, MO2, J.S. van der Merwe (74), Thabela Thabeng 2008.06.03.

37 John Campbell, 'n sending-reisiger uit Skotland het hierdie oonde beskryf in G.W. Eybers, *Op die voetspoor van die ou reisigers*, p. 165.

38 J.H. Coetzee, *Ou Marico (4): Swart en Wit op die Wesgrens*, pp. 30-31.

39 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

40 M.O.V. Taylor, Late Iron Age settlements on the northern edge of the Vredefort Dome (M.A.) in J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81.

41 J. Walton, *Early Ghoya settlement in the Orange Free State*, p. 10.

42 T.M.O. Maggs, *Iron Age communities of the Southern Highveld*, pp. 4, 304.

van die Koepelgebied te sien is. Dit was vóór die Sotho-Tswana-vestiging in die omgewing noordwes van Parys,[44] wat deur die Ndebeles gedurende 1823 weswaarts[45] uit dié gebied verdryf is. Naas die oorblyfsels van klipwonings en krale waar duisende inwoners eens gewoon het, vind ons ook smeltoonde waar daar minerale en yster uit klip gesmelt is. Daar is vandag nog smeltoonde in die nabyheid van die ruïnes van die vestigings-terreine by Buffelshoek 471 IQ en Tijgerfontein 488 IQ (Askoppies), asook op die plaas Koppieskraal 70 IQ (*Languedoc*) aan die noordekant van die Vaalrivier.[46] Sedert die 1960's is argeoloë besig met opgrawings en navorsing oor die Laat-Ystertydperkse klip-vestigings op die heuwels in die suidelike Hoëveld-omgewing tussen die Oranje- en Vaalrivier (wat die Vredefortkoepel insluit).[47]

Die Argeologie-departement van die Universiteit van die Witwatersrand (tans deel van die Universiteit van Johannesburg), het reeds opgrawings by drie Ystertydperk-terreine, twee in die Buffelshoek (*Kaart 6*) en een by Askoppies in dié omgewing gedoen,[48] maar geen opgrawings is tot op datum op Koppieskraal onderneem nie. Dit is opvallend dat daar nog geen smeltoonde aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier in die Koepel-omgewing gevind is nie. Dit kan

---

43 Klein hutte in die tradisionele byekorfvorm, wat met klip noukeurig sonder messelklei opgerig is. Elke laag klip het as stut of korbeel van die volgende gedien, vandaar die naam *korbeelhut*.

44 T.M.O. Maggs, *Iron Age communities of the Southern Highveld*, p. 309.

45 R.K. Rasmussen, Ndebele wars and migrations (Ph.D.) in J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81. Let wel, daar word onder die Ndebele twee groepe onderskei. Die een groep val onder die inheemse bevolkingsgroep Nguni (Swazi-, Zulu-, Ndebele- en Xhosa-sprekendes) wat gedurende die *Difaqane* vanaf Natal deur die binneland getrek het en later uitgewyk het na suidelike Zimbabwe. Die ander groep wat al vir etlike eeue in die noordelike dele van Suid-Afrika bly, bestaan uit twee seksies, naamlik die noordelike Ndebele (Potgietersrus/Mokopane- en Pietersburg/Polokwane-omgewing) en suidelike Ndebele (Pretoria/Tshwane, Bronkhorstspruit/Kungwini, Middelburg/Ntabankulu, Bethal/Govan Mbeki munisipaliteit en Belfast/eMakhazeni-omgewing). Laasgenoemde groep is veral bekend vir hulle versierde huise, in J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 18.

46 Die skrywer het een smeltoond by Askoppies op Tijgerfontein saam met Pierre Pienaar, en een by Koppieskraal saam met Jean-Marie van den Berg besigtig. Dit is begrawe onder grond en met gras toegegroei, maar die buitelyne is nog sigbaar.

47 T.M.O. Maggs, *Iron Age communities of the Southern Highveld,* p. xiv.

48 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, pp. 81, 87; A. Pelser "Travelling through time" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, (eds.), *Meteorite impact!* {3rd ed.}, pp. 170, 174.

grotendeels toegeskryf word aan die feit dat die Vrystaat hoofsaaklik 'n grasveldbioom het, waar brandhout 'n skaars item is.[49]



Kaart 6: Argeologiese Ystertydperk-opgrawings by Buffelshoek[50]

[49] S. Chirikure e.a., "Metals beyond frontiers: exploring the production, distribution and use of metals in the Free State grasslands, South Africa" in N. Swanepoel, A. Esterhuysen & P. Bonner, *Five hundred years rediscovered*, pp. 87, 89.

[50] Skets: T. Prinsloo volgens J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81.

Onbekende prehistoriese rykdomme is by Buffelshoek aan die noordelike voet van die kwartsiet-rante, 1,5 km vanaf die standhoudende Enzelspruit langs die Potchefstroom-Parys-pad, in die noordwestelike deel van die studiegebied gevind. Daar is onder meer 7500 kleipotskerwe deur argeoloë versamel en gedokumenteer.[51] Hiervolgens toon die patrone wat in die nat-klei-stadium op die potte aangebring is, ooreenkomste met die potte van die inheemse Rolong-stam. Verder is die opgrawings van beendere en tandreste van diere 'n goeie aanduiding van die dieet wat die inwoners van dié terrein gevolg het. Hierdie mense het eerder mak diere soos beeste (*Bos taurus*), skape (*Ovien*-spesie) en bokke (*Capra*-spesie) geëet as die wild wat gejag is.[52] Laasgenoemde beendere sluit sebra (*Equus burchelli*), bergrietbok (*Redunca fulvorufula*), ystervark (*Hystrix africaeaustralis*), haas (*Lepus*-spesie) en die aardwolf (*Proteles cristatus*) in.[53]

Naby die Buffelshoekterrein, op 'n klein sandsteen-plato op die plaas Tijgerfontein 488 IQ, lê nóg 'n Laat-Ystertydperk-terrein wat bekend staan as "Askoppies". Hierdie terrrein is geleë naby 'n vlak vallei van die Tijgerfonteinspruit, wat voorheen 'n standhoudende spruit was.[54] Daar is yster en gouddraende rots deur die genoemde inwoners op die rantjies versamel, en in 'n oond (een is nog sigbaar) gesmelt en verwerk.[55] Verder dui artefakte wat deur argeoloë hier opgegrawe is, daarop dat hierdie terreine in 'n stadium (ongeveer 1 000 jaar gelede) heel moontlik as groot handelsentrums in dié area gefunksioneer het. Gevolglik bevat hierdie twee genoemde terreine 'n magdom skatte wat uit 'n verskeidenheid handelsitems soos pottebakkerswerk, glaskrale van Egipte en Indië,[56]

---

51 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81.

52 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 82.

53 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 84.

54 GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19.

55 GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19.

56 Ons kan die moontlikheid aanvaar dat hierdie glaskrale soortgelyk is aan die krale wat tydens argeologiese opgrawings by Kaditshwene die Hurutshe (Tswana) hoofstad naby Zeerust, opgegrawe is. Volgens Jan Boeyens kon die krale van Delagoabaai via Tsonga-handelaars verkry word, en volgens John Campbell (1820) is die krale van handelaars uit die Kaap verkry in M. Wood, Post-European contact glass beads from the Southern African

keramiekfigure, organiese oorblyfsels, gekerfde ivoor en been, en verfynde koper en yster bestaan.[57] Die tipe woningstrukture kom ooreen met dié van die suidwestelike Sotho-Tswana-, Rolong- en Thlapingstamme.[58] Die vestings is meestal op die hoërliggende dele (waar dit die warmste is) gebou, waar water en minerale ook binne stapafstand in die klowe gevind is. Daarby het die posisie van die wonings op die heuwels en koppe natuurlik ook 'n militêre voordeel in tye van konflik ingehou, aangesien vyande vanaf 'n ver afstand sigbaar was. Dit blyk dat die Laat-Ystertydperk-nedersettings in die studie-area tot 'n einde gekom het, óf as gevolg van droogte, óf omdat 'n sterker groep[59] moontlik die handel begin beheer het. Wat ook al die rede was, bied Askoppies en Buffelshoek se artefakte aan die moderne mens 'n ongekende beeld van die kulturele rykdom wat, op die rante van die Vredefortkoepel begrawe lê.

Die *Difaqane*

Die 19de eeu kan in die geskiedenis van Suid-Afrika uitgesonder word as die tydperk waarin die subkontinent se bevolking aan grootskaalse mobiliteit onderhewig was. Langdurige droogtes gedurende die eerste drie dekades kan as die hoofrede vir die historiese verandering in die suidelike deel van Afrika gesien word. Verskeie migrasie-bewegings het in die binneland plaasgevind: die Difaqane 'n oos-wes-beweging onder die inheemse bevolkingsgroepe, die "Groot Trek," 'n suid-noord-beweging onder die Kaapkolonie se oosgrens-veeboere van Europese herkoms, en ook laasgenoemde groep se tweede trek uit Natal in 'n noordwestelike rigting. Dit was onafwendbaar dat die twee groepe met mekaar in aanraking sou kom. Die eerste botsings het juis noord van die Vaalrivier in die Koepel-omgewing plaasgevind.

Die mite wat in 'n stadium as waarheid gepropageer is, naamlik dat die Bantoe-sprekende groepe en die Europeërs hulle op dieselfde tydstip op die Hoëveld van Transvaal gevestig het,[60] is op grond van argeologiese navorsing en opnames (ook

---

interior: a tentative look at trade, consumption and identities in N. Swanepoel *et al.* (eds.), *Five hundred years rediscovered*, p. 191.

57 A. Pelser, "Travelling through time" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, (eds.), *Meteorite impact!* {3rd ed.}, p. 172.

58 A. Pelser, "Travelling through time" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, (eds.), *Meteorite impact!* {3rd ed.}, p. 174.

59 C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

60 Hierdie oordeel is deur die historikus George McCall Theal in *History of South Africa* uitgespreek en ook gesteun deur verskeie volkekundiges. Dit is in sekere opsigte waar, omdat die binneland gedeeltelik bevolk was maar nie oral nie. Die Trekkers het juis hulle

in die Koepelgebied) as onwaar bewys.[61] Dit is belangrik om daarop te let dat ons die historici wat vroeër oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf het, teen die agtergrond van hul omstandighede in hulle tyd behoort te verstaan.[62] Die vroegste inligting oor die inwoners van die binneland van Suid-Afrika en oor die *Difaqane*, is in die meeste gevalle geskryf deur Europeërs (sendelinge, reisigers en trekkers) wat Suid-Afrika besoek en deurreis het, asook lede van sommige trekgeselskappe wat saam met hulle reisoorsigte hulle indrukke van die land weergegee het.[63] Hieruit blyk dit dat daar vanaf die Vaalrivier noordwaarts, oor groot gebiede geen lewende wesens aangetref is nie, maar dat daar vroeër wel "inboorlinge" gewoon het, waarvan die verwoeste krale, potskerwe en die honderde geraamtes getuig het.[64] Die grootskaalse verwoesting as gevolg van die *Difaqane*, die murasies, puinhope en menige verlate vestings in die Vrystaat- en Noordwesprovinsie-omgewing, asook die angs waarin die oorblywende stamme noord van die Vaalrivier geleef het, word noukeurig in ooggetuieverslae, joernale en dagboekinskrywings beskryf. Die volgende beskrywing vind ons byvoorbeeld in die dagboekinskrywings van eerwaarde Erasmus Smit in Augustus 1837:

> *Zeer aandoenlik was het mij te zien zovele dorpplaatsen (op de bergen en heuwelen) van vele duizende ... volksstammen, die allen door de gehaatte*

---

trekke so beplan dat hulle deur oop gebiede kon beweeg. Waar daar gevestigde inheemse bevolkingsgroepe was, is grondreëlings getref en verdrae gesluit. Op die gedeeltes waar die grond onbewoon was, is plase uitgemeet en dorpe gevestig. Dan het die inheemse bevolking na die dorpe getrek agter handel- en werksgeleenthede aan.

61 T.R.H. Davenport, *South Africa – a modern history*, p. 8.

62 Daar bestaan verskillende denkrigtings van geskiedskrywing oor die Suid-Afrikaanse verlede (Brits-Imperialisties, Setlaar, Afrikaans-Nasionalisties, Liberaal en Radikaal) om dit vanuit ons tyd met waardes, maatstawwe en informasie (verkry uit argeologiese opgrawings) uit 'n nuwe tydvak te kritiseer, is hoogs onbillik in K. Smith, *The changing past, trends in South African historical writing*, p. 6.

63 Stockenstrom skryf in 'n brief aan die sendeling J. Phillip dat die "depopulated territories, over which there may be scattered remnants of tribes" gekoloniseer behoort te word, in W. M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton: the making of the South African native problem*, p. 235; reisigers soos John Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the country of the Transvaal Boers, 1851-52" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 253; Trekkers soos Louis Trigardt in G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, pp. xlv-xlvi; Eerw. E. Smit in G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 82.

64 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: the Thokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.*, (eds.), *Putting a plough to the ground, accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, pp. 218, 219; G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, p. xlv; H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p. 132.

> *rover Oemzilikats zijn uitgeroeid ... Wij passeerden hier weer 'n grote door Oemzilikats verwoeste stad of ... kraal, waar al de mensen ontzield en niets dan de murage en puinhopen der huizen en vele doodsbeenderen van arme mensen overgebleven zijn.*[65]

In dieselfde trant beskryf George McCall Theal die binneland tydens die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter se verkenningstog in Mei 1836 vanaf die Vaalrivier na Delagoabaai.

> *For eighteen days they met no one, but after passing the Rhenoster Poort they found a few scattered inhabitants.*[66]

Hy meld verder dat die handelaar David Hume wat in 1836 langs die Limpoporivier gereis het, die verlate binneland aan die tsetsevlieg-epidemie toegeskryf het.[67] Malaria of die koorssiekte het ook sy tol in die verre Noorde geëis.[68] Die binneland is dienooreenkomstig ook in Januarie 1837 tydens die strafekspedisie vanaf die Suid-Vrystaat na Mzilikazi by Mosega in 'n noordwestelike rigting, as onbevolk en verlate beskryf.

> *So thoroughly depopulated was the country that not an individual was met between Thaba Ntshu and Mosega.*[69]

In dieselfde trant het J. Sanderson in sy reisindrukke oor sy reis vanaf Natal oor die Liebenbergsvlei-gebied, deur die Koepelarea oor 'n drif in die Vaalrivier na Potchefstroom en verder noord, die volgende opmerking geskryf:

> *A great part of the country I had passed through during the last six weeks or two months, and especially the Southern side of the Magaliesberg, was covered with ruined kraals, the remains of tribes of natives driven out or extirpated by Moselakatse, in his devastating progress from Zululand to his eventual settlement of the north-west.*[70]

Dit is belangrik om hier op te let dat nie een van bogenoemde beskrywings van die yl-bevolkte binneland en verlate krale, die bestaan van vroeë bewoners in die binneland ontken het nie,[71] soos blyk uit die volgende aanhaling:

---

65 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 82.

66 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 97.

67 G.M. Theal, *South Africa*, p. 97.

68 G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, p. cxiv.

69 G.M. Theal, *South Africa*, p. 199.

70 John Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State…" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 253.

71 Indien die bestaan van vroeë bewoners in die binneland ontken word, is die beskikbare bronne nie volledig ontgin nie.

There were not many human beings to be seen in the open plains, just a few Bushmen beyond the Modder, some Koranna Hottentots on the upper Vet, and a small clan of Bantu, Bataungs, under their chief Makwana, a little farther to the north near the Sand river.[72]

Ons kan gevolglik hieruit aflei dat die San, Khoikhoin en Bantoe-sprekende groepe lank voor 1836, in die Vrystaat en destydse Transvaalse gebied, ook in die omgewing van die Vaalrivier in die Koepelarea gewoon het, en dat die onderhawige gebied in die dertigerjare van die 19de eeu grotendeels ontvolk was as gevolg van die stroop- en uitdelgingsoorloë van Mzilikazi en sy volgelinge.

Grensuitbreiding

Die aanvanklike grensuitbreiding in suidelike Afrika word deur sommige skrywers in drie tydperke ingedeel.[73] Die eerste periode was tussen 1652 en ongeveer 1700, waartydens die koloniste grotendeels 'n landbougemeenskap was. Die 18de en vroeë 19de eeu was die tweede tydperk, waartydens menige boer van landbou na veeboerdery oorgeslaan het en noodgedwonge trekboere geword het. Die grense het oos tot by die Visrivier en noord tot by die Oranjerivier geskuif. Teen 1835 het veeboere georganiseerde trekke noordoos agter weiveld en water aan onderneem, waar hulle teen 1870 reeds 'n groot gebied met vrugbare grond in die twee Boererepublieke (wat die Koepel-omgewing insluit) en Natal beset het.

Dit is hier van belang om daarvan kennis te dra dat die geskiedenis van die aktiwiteite van die trekboere, wat ook veeboere was, in die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier, teruggaan tot lank voor die dae van die georganiseerde trekke (die sogenaamde "Groot Trek"). Die uitbreiding van die Kaapkolonie het hoofsaaklik gedurende die 18de eeu geskied, waartydens die veeboere noordwaarts tussen die weskus en die bergreeks wat ewewydig aan die kuslyn in 'n noordwestelike rigting loop, getrek het.[74] Sedert 1760 is hierdie gebied periodiek as trek-veld gebruik, maar min boere het hulle permanent daar gevestig.[75] In 1707, ná die herroeping van Willem Adriaan van der Stel, het koloniste veeposte in besit geneem en het die uitbreiding na die ooste, suid van

---

72 E.A. Walker, *The Great Trek*, pp. 117, 118.

73 L. Thompson & H. Lamar, "The North American and Southern African frontiers" in H. Lamar & L. Thompson (eds.),*The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 23.

74 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 1.

75 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 4.

die Langeberg, plaasgevind. Daar was dus 'n immigrasiestroom noordwaarts sowel as ooswaarts. Teen 1730 is albei hooftrekke egter deur hindernisse gestuit: in die noordweste deur 'n dorre woestynagtige streek met min water en die San-bedreiging, en in die ooste deur digte woude en die rooftogte van die swart gemeenskappe.[76] Hierdie faktore het die uitbreiding na die noordooste versnel, en die trekbewegings deur on- en ylbewoonde areas waar die meeste standhoudende water te vinde was, bepaal. Na die noorde was daar 'n pad tussen die inheemse stamme en die woestyn- en half-woestynstreke in die noordweste wat geloop het oor die Sneeuberge, al langs die Seekoeirivier, na die teenswoordige Vrystaat en die destydse Transvaal. Hier was redelik goeie standhoudende waters, en verder noord was daar bruikbare grond en wild, genoeg om dwarsdeur die 19de eeu boere te lok wat die pionierstradisie lewendig gehou het. Grondbesit was aanvanklik eenvoudig gewees: veeboere het 'n stuk grond gebruik totdat die veld uitgeput is, en dan aanbeweeg na 'n onbesette gedeelte.[77]

Dit is opvallend dat die verskynsel van droogtes vroeg in die 19de eeu (1803-1805, 1813, 1815-1818, 1818-1821, 1828), veral in die Nuweveld, Roggeveld en Sneeuberge, herhaaldelik in literatuur vermeld word.[78] Dienooreenkomstig het reisigers sowel as die Kommissie vir Landbou en Veeteelt in 1805 waarneembare klimatologiese veranderinge in die noordwestelike grensdistrikte van die Kaapkolonie aangetoon.[79] Hiervolgens was daar 'n merkbare vermindering van reënval in die opeenvolgende ses jaar waargeneem. Riviere en strome het opgehou loop, en smouse het die droë lope as wapaaie gebruik. 'n Mens kan aanneem dat die natuurlike aanwas van die bevolking, gereelde droogtes, asook

---

76 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842),* pp. 4, 12.

77 H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared,* p. 29.

78 Die eerste betroubare weersopnames het eers in Europa in die 1850's die lig gesien. Vir inligting aangaande droogtetoestande in die Kaapkolonie, sien aanhalings uit droogteverslae, briewe, resolusies en notules van landdros en heemrade, krygsraadvergaderings, kommissarisse, magistrate, vrederegters, veldkornette en wyksmeesters, in P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, pp. 178 e.v.

79 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842),* p. 187.

sprinkane en trekbokke[80] wat die weiveld verniel het, die kolonie te klein gemaak het vir die veeboere om te oorleef. Gevolglik het die veeboere vanaf 1825 met hulle vee heen en weer oor die Oranjerivier begin trek. In die begin het hulle getrek en terug gekom, maar later het hulle in die Trans-Oranje begin agterbly. Verder was die eerste Vrystaatse boere hoofsaaklik veeboere wat uit die Kaap getrek het na die Suid- en Wes-Vrystaat, oftewel die Transoranje of die Transgariep, soos hulle daardie steek vroeër genoem het. Hierdie boere het nie vryheid gesoek nie en hulle was ook nie ontevrede met die Britse regering nie. Hulle het bloot agter weiding vir hulle vee aan getrek, uit die streke wat voortdurend deur droogtes geteister is. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie trekboere hulle nooit van die Kaapkolonie afgeskei of 'n eie bestuur gestig het soos die latere "Voortrekkers" nie, maar aan die Kaapse owerheid as hul wettige regering getrou gebly het.[81]

Die San het soos die meeste Khoikhoin-groepe weggetrek uit gebiede waar die emigrant-boere gevestig het, en net die armstes het agtergebly en by die boere in diens getree.[82] Verder het alkohol baie van hierdie ontwortelde San, wat as arbeiders in die kolonie gewerk het, verswak. Gevolglik kon hulle teen 1835 nie meer die noordoostelike uitbreiding stuit nie en die geslote grens is weer oopgestel.[83] Die "oop grens" asook droogtetoestande in die noorde van die Kaapkolonie het menige trekboer aangespoor om hulle permanent in die Transoranje te vestig.[84] Volgens die gedokumenteerde waarnemings van die 1820 Britse Setlaars, was daar vanaf 1821 tot 1823 drie jaar lank droogte, met 'n gepaardgaande sprinkaanplaag en die verdroging van beboste vleilande en

---

80 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 135.

81 Hulle aktiwiteite tot 1846, met die plasing van die Britse Resident in die suidelike Vrystaat, word in die Kaapse Argiefstukke ingesluit, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. xxxiii.

82 G.W. Eybers, *Op die voetspoor van die ou reisigers*, p. 33.

83 H. Giliomee, "Processes in development of the South African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 106.

84 C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 152; P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, pp. 178-180, 186, 200.

fonteine in die Kaapkolonie.[85] Die langdurige droogtes gedurende die 1820's en 1830's het die boere gedwing om hulle plase te verlaat en ander beroepe of heenkomes te soek. Sir George Napier het op 18 Mei 1838 (in 'n verslag vanuit Grahamstad)[86] die groot droogte in die oostelike gedeelte van die Kaapprovinsie as een van die redes vir die Groot Trek aangedui. Hy meld dat die droogte en gevolglike misoeste die grensboere gedwing het om na meer waterryke gebiede te migreer.[87] Verder beweer hy dat buurmanne wat afhanklik van mekaar is, mekaar oorreed het om saam weg te trek. Die beweegredes vir die trek was egter meer kompleks. Dit blyk dat die veeboere gesoek na het beter weivelde vir hulle vee, maar ook 'n geleentheid om weg te kom van die druk van belasting en onaanvaarbare regeringsbeleid. Verder was die boere gegrief deur die afwesigheid van dokumentasie om aan te dui dat plase op die Kaapse oosgrens wat aan hulle gegee is, aan hulle behoort het. Hulle was ook ongelukkig oor die bedrag kompensasie wat hulle vir die vrystel van hulle slawe[88] sou ontvang het, en die feit dat die geld in Engeland afgehaal moes word. Die verliese aan perde en vee deur die owerheidsmagte, en die plundering van eiendomme en veediefstal deur die Xhosas was egter die laaste strooi.

Pioniersvestiging langs die Vaalrivier

Die 20 jaar 1834-1854 van die landverlating van die emigrant-boere uit die Kaapprovinsie is gesien as 'n versnelde koloniseringsproses wat die uitbreiding van die Wes-Europese beskawing in Suider-Afrika binne 'n paar jaar meer as verdubbel het.[89] Op kulturele vlak het hierdie koloniseringsproses 'n groot invloed op die toekoms van al die gemeenskappe van suidelike Afrika, ook in die binneland, gehad. Uit die dagboek van Louis Trigardt blyk dit dat die reisgeselskap van Johannes Hendrik Jansen van Rensburg (met die bynaam Lang Hans) teen die einde van 1835 tot aan die Vaalrivier getrek het.[90] Hulle het op die

---

85 C. Ballard, "Drought and Economic Distress: South Africa in the 1800s" in *Journal of Interdisciplinary History*, 17(2), Autumn 1986, p. 361.

86 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 67, 68.

87 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, p. 67.

88 Waar 'n persoon die eiendom van 'n ander persoon word en onbeperkte gehoorsaamheid aan die eienaar verskuldig is. Vroeër 'n wêreldwye verskynsel om arbeidstekorte aan te vul.

89 C.F.J. Muller, "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854" in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 151.

90 G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838)*, p. lxxx

trekpad van die Engelse jagters en geweersmokkelaars getrek.[91] Verder kan ons uit die joernaal van die geestelike leier, eerwaarde Erasmus Smit,[92] aflei dat die Voortrekkers die Vaalrivier in die tweede helfte van 1836 in die omgewing van die teenswoordige Parys oorgesteek het, wat die mees geskikte plek was om die rivier oor te gaan.[93] Die trekgroepe het soos gewoonlik in die onmiddellike nabyheid van een of ander stroom,[94] die Vaalrivier in hierdie geval, laer getrek.

Reisigers en latere trekgeselskappe het ook in die omgewing van die huidige Parys die Vaalrivier oorgesteek, omdat daar verskeie driwwe in hierdie omgewing was waar die rivier vlak genoeg was om maklik met 'n wa en osse deur te gaan. Die trekgeselskappe van Louis Trigardt, Andries Hendrik Potgieter, Gert Maritz en Piet Retief wou noord van die Vaalrivier trek om die Britse gesag van hulle af te skud. Die geselskap van Trigardt het vanaf Graaff-Reinet getrek, en dit blyk dat hy hom in die eerste helfte van 1836 reeds naby die Vaalrivier bevind het waar 'n handelaar hom en sy geselskap aangetref het.[95] Die handelaars het in die binneland rondgeswerf, op soek na mense wat moontlik hulle handelsware benodig het, maar het ook inligting vanaf die handelsentra of dorpe aan mense in afgeleë gebiede oorvertel. Potgieter, wat uit die omgewing van Tarka getrek het, se plan was om die afstand tussen hom en die gebied waaroor die Britse regering gesag gevoer het, so groot moontlik te maak.[96] Sy eerste stap in hierdie rigting was om die gebied ten suide van die Vaalrivier, wat vandag deur die Noord-Vrystaat beslaan word, in besit te neem. Potgieter se mense het reeds in 1836 aan die suidekant van die Vaalrivier uitgespan. Hierdie gedeelte was soos reeds genoem, grotendeels ontvolk, hoofsaaklik as gevolg van die optrede van die Matabeles onder leiding van Mzilikazi (Silkaats). Slegs enkele lede van die Bataung-stam, onder die hoofskap van Makwana, het hier geskuil. Daar is gevolglik op 13 Junie 1838 'n ooreenkoms met laasgenoemde aangegaan waarvolgens 'n deel van die onderhawige grondgebied, vanaf die Vaalrivier tot aan die Vetrivier "en langs de bovenste wagenweg van Doornkop naar Porte

---

91 G.S. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838),* p. lxxx.

92 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n Trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 21.

93 Die vertrekdatums en datums waarop botsings plaasgevind het, verskil in bronne. Die moontlikheid van tikfoute en die tydperk wat verloop het vanaf die gebeure tot en met die aantekening daarvan, behoort hier in gedagte gehou te word.

94 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald,* p. 116.

95 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854,* p. 325.

96 C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 20.

Natal" tot aan die Wilgespruit, in ruil vir 49 koeie vir bewoning aan die trekkers toegewys is.[97] As teenprestasie het Potgieter hom verbind om beskerming aan die Bataung teen die Matabeles te verleen.[98]

Trigardt het reeds in die Kaapkolonie vir Potgieter belowe om ten noorde van die Vaalrivier op hom te wag. Terwyl Potgieter op 'n verkenningstog na die noorde was om die Trigardt-trek te soek, het twee groepe van die Potgietertrek spontaan oor die Vaalrivier getrek (*Kaart 7*).



Kaart 7: Trekroetes 1836-1852, met die Koepel-omgewing aangetoon[99]

---

97 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, p. 317.

98 C. Potgieter & N.H. Theunissen (reds), *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 37.

Die trekgeselskappe van Andries Hendrik Potgieter en Gert Maritz het deur die Koepelgebied, suidoos van Potchefstroom, oor die Vaalrivier getrek. Die een groep, wat uit jagters en die Liebenberg-familie bestaan het, het by 'n koppie[100] langs die Vaalrivier, net noord van die huidige dorpie Parys (op die teenswoordige plaas Rietpoort 518 IQ), uitgespan.[101] Die ander groep, die Bothmas en Steyns, het weer 'n entjie stroomaf, ook op die noordelike oewer van die Vaalrivier (op die plaas Kopjeskraal, later Koppieskraal 517 IQ), uitgespan.[102] Die trekgroep van Barend Liebenberg is op 23 Augustus 1836 onverwags deur die Matabeles aangeval, en feitlik die hele geselskap is uitgemoor.[103] Uit 'n berig in "The Graham's Town Journal" op 10 November 1836 is die Matabele-aanvalle op die Trekgroepe langs die Vaalrivier as 'n ongeluk beskryf, aangesien die Matabele-impi's glo die Trekkers as Griekwas (hul vyande) aangesien het.[104]

Sommige skrywers, wat hoofsaaklik Voortrekker-argiefbronne gebruik het, skryf dat die Liebenberg-moord oorleef is deur drie manlike trekkers, waarvan D. Bezuidenhout met assegaai-wonde gekwes is, en twee manlike bediendes op die vlug geslaan het.[105] Om 'n juiste en volledige voorstelling van die gebeure te vorm, is soos om 'n legkaart te voltooi, omdat die gegewens wat op hierdie aanvalle betrekking het maar skraal, fragmentaries en teenstrydig is.[106] Dit is

---

99 Giliomee, H. & Mbenga, B. (eds.), *New history of South Africa*, p. 114

100 Ná die moord is daar na Moordkoppie en later Liebenbergskop verwys.

101 Vroeër Rietpoort no. 66 in die Vaalrivierwyk van die Potchefstroom-distrik; die grond is op 17 Julie 1854 op Marthinus van Staden se naam getransporteer in P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), pp. 35, 37.

102 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 35.

103 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 32; die gedenkplaat wat op die Liebenbergskop deur die Historiese Monumente-Kommissie opgerig is, dui egter aan dat die moord op 22 Augustus 1836 plaasgevind het.

104 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 100; P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 37.

105 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (2)*, p. 174.

106 P.J. van der Merwe se uiteensetting van die datum, gebeure en bronne lyk vir die skrywer na die korrekte weergawe in P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), pp. 35, 37. 'n Voorbeeld vind ons in die werk van G.D.Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 333, waar hy aangedui dat die Vaalrivierslag aan die suidekant van die Vaalrivier plaasgevind het. Let wel: P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), wat as 'n gesaghebbende

belangrik om hier in gedagte te hou dat die voorste trekkers op informasie wat van een trekgeselskap na die volgende oorgedra is, staat gemaak het. Soms is inligting wat ontbreek ingekleur en verander om meer gewig te dra, met die gevolg dat nie alle weergawes van gebeure en datums noodwendig feitelik korrek was nie. Sommige bronne weerspreek mekaar oor verskillende aspekte, soos die datum van die Liebenberg-moord, en ook oor wat van die kinders geword het. Wat die datum betref, kan ons aanneem dat die moord voor dagbreek op Dinsdag 23 Augustus 1836 plaasgevind het,[107] en dat die ander Trekkers te perd[108] stroomop langs die Vaalrivier gewaarsku is om hulle waens in 'n laer te trek, voordat die aanval by die Vaalrivier[109] later die oggend plaasgevind het.

Die berig "Story of Liebenberg Massacre – Children saved by Native Nurse Girl" wat op 13 Oktober 1938 in die Bloemfonteinse koerant *The Friend* verskyn het, lyk vir die outeur na die ware verhaal, aangesien die gegewens oorvertel is deur 'n dame wat dit by haar ma en oom wat die aanval oorleef het, gehoor het, en die gegewens ook genealogies korrek is.[110] Hiervolgens het die Liebenberg-trek uit drie broers, hulle vrouens, bediendes en vier kinders van een egpaar bestaan. Die kinders was drie dogters, Maria (Malie), Elizabeth Louisa en Martha, en 'n seun Barend. Volgens hierdie verhaal het 'n bediende (wat ook kinderoppasser was) een oggend vroeg saam met die kinders langs die rivier vertoef toe sy die Matabeles se oorlogskreet gehoor het. Sy het vervolgens saam met die kinders weggekruip en hulle lewens op dié wyse gespaar. Nadat alles rustig geword het,

---

bron beskou word, sowel as mondelinge oorlewering, onderhoude en die oorblyfsels van die grafte, dui aan dat die slag suidwes van die Liebenberg-moord-terrein aan die noordekant van die Vaalrivier, plaasgevind het.

107 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 32. Sommige bronne gee egter die datum van die Vaalrivierslag aan as die dag ná die Liebenberg-moord, met ander woorde die 24ste; ander weer die 25ste Augustus, soos in C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 53; G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 333 dui die gebeure as "rondom 24 Augustus 1836" aan.

108 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 99.

109 Staan as die "Vaalrivierslag" bekend in C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 51.

110 Volgens die skrywer het Hennie Steyn van die Genealogiese Vereniging die geboortes en sterftes van hierdie kinders bevestig — Elizabeth is gebore op 30 Oktober 1830 (getroud met Andries Petrus Lubbe), Maria Petronella Liebenberg is gebore op 23 Oktober 1831, Barend Gotlieb Liebenberg is gebore op 1 Oktober 1833, en Martha Elizabeth Johanna is gebore op 29 Julie 1835 (getroud met Piet Liebenberg), J.M. van den Berg, "Parys Museum bewaar ons plaaslike geskiedenis" in *Impak*, 2, 2011, p. 19.

het die bediende en kinders na hulle waens gestap en op die lyke van die grootmense afgekom. Die bediende het met die kinders te voet gevlug, en 'n perde-kommando het hulle opgetel en na die naaste laer geneem. Hierdie Liebenberg-kinders is deur 'n oom van hulle ma, Apie Strauss, wat hom in die Edenburg-distrik gevestig het, grootgemaak.[111] Oor die kinders se lot skryf sommige skrywers dat twee meisies saam met die Matabeles weggevoer is.[112] Hulle dui ook aan dat die Amerikaanse sendelinge, Engelse reisigers en 'n grootwildjagter (Kaptein Cornwallis Harris) die Liebenberg-geselskap se waens wat gebuit is, op Mosega gesien het, en "gehoor" het van die twee ontvoerde meisies wat as geskenk aan Mzilikazi noordwaarts na Kapain gestuur is.[113] Hierdie hoorsê-inligting is as die waarheid oorvertel en dienooreenkomstig in bronne aangehaal. Dit is egter hier van belang om kennis te neem dat hierdie moord-aanval die eerste offensiewe aanval was op die Voortrekkers wat saam met Potgieter die Kaapkolonie verlaat het. In 'n sekere sin was hierdie aanval 'n keerpunt in die geskiedenis van die "Groot Trek", aangesien die verhouding tussen die Voortrekkers en die inheemse bevolking in die binneland tot op daardie stadium oorwegend vriendskaplik was.

Ná die moord op die genoemde Liebenberg-geselskap het die drie manlike trekkers en die twee bediendes wat die aanval oorleef het,[114] vir die groep Steyns en Bothas wat net suid van die Liebenberg-geselskap, op die teenswoordige plaas Koppieskraal 517 IQ, noordwes van die huidige Parys gestaan het, gaan waarsku om vinnig laer te trek teen die aankomende Matabele-mag. Die wa-laer is in 'n skerp draai aan die noordekant van die Vaalrivier, in die vorm van 'n halwe sirkel by 'n natuurlike drif (*Kaart 8*) getrek.[115] Die rivier is as natuurlike skans gebruik, omdat hulle min waens gehad het en hulle hul trekosse, vee en perde binne-in die

---

111 J.M. van den Berg, "Parys Museum bewaar ons plaaslike geskiedenis" in *Impak*, 2, 2011, p. 19.

112 C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 55; G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 100.

113 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 100; C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 58; P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), p. 108.

114 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (2)*, pp. 174, 176.

115 GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21.

laer wou beskerm.[116] Vandag is verskeie Voortrekkergrafte van gesneuweldes nog te sien op die plaas *Lanquedoc*, Koppieskraal.[117]



Kaart 8: Die terrein van die Vaalrivierslag[118]

Hierdie gevegte (die *Liebenberg-moord* en die *Vaalrivierslag* gedurende Augustus 1836) was die eerste kontak tussen die Voortrekkers en die Matabeles onder leiding van Mzilikazi in die binneland langs die Vaalrivier.[119] Verder is die slag van die Vaalrivier die eerste plek in die binneland van Suider-Afrika waar die trekkers die wa-laer gebruik het,[120] en ook waar 'n rivier (in hierdie geval die Vaalrivier) as 'n natuurlike skans gebruik is. Alhoewel daar sterftes aan beide kante was, het diegene van Europese herkoms met hulle vuurwapens die gebied verower, terwyl die inheemse bevolkingsgroepe gevlug het.

---

116 R.C. de Jong, Die wa-laer in Suid-Afrika, p. 47.

117 GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21.

118 Skets: T. Prinsloo volgens C. Potgieter & N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 50.

119 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986(2), pp. 29, 33.

120 R.C. de Jong, Die wa-laer in Suid-Afrika, p. 47.

Die eerste spore van vestiging deur die trekkers, soos hierbo vermeld, vind ons in die geskiedenis van die trekleier Andries Hendrik Potgieter. Potgieter het van sy besoek aan Trigardt teruggekom en die mense wat noord van die Vaalrivier was, beveel om met hulle vee suidwaarts terug te trek en weer as groep te verenig. Gevolglik het die trekgroepe ná die *Vaalrivierslag* terug oor die rivier getrek. Die een groep het by die laer tussen die Vet- en die Vaalrivier aangesluit (in die omgewing van die huidige Vredefort en Kroonstad) en die ander groep op 'n heuwel wat later Vegkop (*Kaart 9*) genoem is, tussen die Renoster- en Wilgerivier (geleë in die huidige distrik Heilbron).[121] Teen Oktober was laasgenoemde groep trekkers nog redelik ná aan die Vaalrivier waar die Matabeles hulle op 16 Oktober 1836[122] aangeval en groot hoeveelhede van hulle vee weggevoer het.[123] Die sendeling eerwaarde J.E. Archbell en Moroka het vir die Trekkers osse gestuur om hulle te help om hulle besittings suidwaarts na veiligheid te bring.[124]

---

121 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 334; in G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 101.

122 G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense (1)*, pp. 129, 130. Die historikus het soms 'n probleem, omdat die bronne oor belangrike gebeurtenisse gedurende die Groot Trek karig is en mekaar, soos reeds vermeld, op verskeie punte weerspreek. Dienooreenkomstig is daar byvoorbeeld verskillende datums (2, 16 of 19 Oktober 1837) waarop die geveg van Vegkop sou plaasgevind het, en ook oor wie die aanvoerder was (Potgieter of Cilliers).

123 100 Perde, 4600 beeste en 50 000 skape en bokke in G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 102.

124 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 102.



Kaart 9: Die Trekkersrepubliek 1840-1844 met die studie-area aangetoon[125]

Gevolglik moes die hele gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier wat Potgieter enkele maande tevore "gekoop" het en waar hy en sy mense hulle wou vestig, vir hul eie veiligheid weer ontruim word.[126] Die meeste van die trekgroepe het egter verkies om te bly waar hulle was en nie verder noord te trek nie, maar Potgieter het wel later met sy mense noordwaarts na die Vetrivier getrek.[127] Teen die einde van 1838 was daar permanente vestigingsterreine oorkant die Vaalrivier langs die Mooirivier in Potchefstroom en verder oos langs die Klip- en Suikerbosrantrivier.[128] Dit is vanselfsprekend dat die Koepel-omgewing langs die Vaalrivier ook as 'n geskikte terrein vir vestiging gesien is. Die beskikbaarheid van water op boerderygrond teenaan die Vaalrivier was 'n belangrike natuurlike hulpbron wat boere kon gebruik.

125 E.A. Walker, *The Great Trek*, p. 226.

126 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, pp. 335, 338.

127 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 339.

128 C. Potgieter & N.H. Theunissen (reds.), *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 114.

Okkupasie van nuwe gebiede

Op hierdie stadium was die trekkers se grootste probleem die verhouding met die verskillende inheemse stamme wat hulle gebied omring het. Noord was Mzilikazi (Mosega), suidoos van hulle aan die anderkant van die Drakensberge was Dingane (Zoeloes), ten suide naby hulle het Mosjwesjwe (Sotho) in sy bergvesting (Thaba Bosiu)[129] gesit, en ten weste van hulle anderkant die Vaalrivier was daar 'n paar kleiner stamme, plus die Griekwas van Adam Kok en Waterboer. Die trekkers het tog daarna gestreef om in vrede met al die inheemse stamme te leef. Daarom is daar bondgenootskappe met swart stamme gesluit, soos blyk uit die verdrae met sommige opperhoofde soos Maslubie, Jawana, Mabala, Mannagoota, Zevanja, Mazoem, Zamiel, Maklapee, Pielana, Magoetoe, Mammegoetu, Masalon, Goupae, Zambok, Molokoe, Makoepaan, Mapeelae, Zebedeela, Mazoebae, Matala, Malutzie, Zaraklana, Matzola, Raatzetoe, Makwastie, Maleuw, Mapog, en Poekoeloe.[130]

Piet Retief het intussen saam met sy trek by die Vetrivier-gebied (tussen die Vet- en Vaalrivier) aangekom om die trekke te koördineer. Op 6 Junie 1837, tydens 'n volksvergadering (van 5 400 siele) is 'n nuwe burgerraad verkies met Retief en Maritz aan die stuur.[131] Op hierdie vergadering is die tweede republikeinse regeringsvorm in Suid-Afrika met nege artikels langs die Vetrivier by Winburg aanvaar.[132] Retief is as staatshoof en militêre opperbevelvoerder gekies, Maritz as voorsitter, en Erasmus Smit as predikant ingesweer. Hier is ook regulasies vir die gebruik van weiveld en water uitgevaardig en jaginstruksies opgestel.[133] Hierdie instruksies is 'n aanduiding van die kultuur van die trekkers, waarvolgens hulle die noodsaaklikheid van die bewaring van natuurlike hulpbronne (kos en water) en ordelikheid binne die trekgeselskappe hoog aangeskryf het. Op 19 Oktober 1837 het P.L. Uijs[134] 'n vreedsame verdrag met Moroka (Thaba Nchu) en die Rolong

---

129 Kyk ook *Kaart 9* voorheen Thaba Bosigo gespel.

130 Inligting en spelling volgens H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, p. 318.

131 T.R.H. Davenport, *South Africa – a modern history*, p. 69.

132 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke*, *1829-1849*, pp. 14, 16.

133 7 Okt. 1845, J.H. Breytenbach & H.S. Pretorius (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, pp. 162-165.

134 G.S. Preller, *Voortrekkermense (2)*, p. 148.

gesluit.[135] In die Voortrekker-argiefstukke is dit gedokumenteer dat Potgieter (terug op die Hoëveld ná die slag van Italeni in Natal) op 13 Junie 1838 die landstreek tussen die Vet- en die Vaalrivier van die Bataung-kaptein Makwana geruil het.[136] Sommige gesaghebbende skrywers het hierdie ruiltransaksies ontken, en 'n mens kan die afleiding maak dat hulle óf nie Nederlands of Afrikaans magtig was nie, óf nie bewus was van die genoemde dokumente nie, óf 'n spesifieke stelling wou maak en die dokumente nie daarby ingepas het nie.[137] Ons kan aanneem dat die genoemde geruilde gebied deel gevorm het van die sogenaamde Voortrekker-staat. Suid van die Vaalrivier is meestal skikkingsooreenkomste tussen die emigrant-boere en die inheemse bevolkingsgroepe met betrekking tot grondgebied gesluit. Grondgebied is vir vee geruil.[138]

Dit blyk egter dat die Voortrekkers se vreedsaamheid van korte duur was. In Februarie 1848 is die hele gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier as die Britse Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer. Die Basothohoof het vriendskap betoon aan die Voortrekkers wat teen die Britse gesag gekant was. Potgieter kon óf 'n vredeskikking met die Basothohoof sluit, óf hy kon van die Britse bewind erkenning vir die onafhanklikheid van die trekgemeenskap verkry het. Hy het laasgenoemde gekies.[139] Gevolglik is daar op 17 Januarie 1852 die Konvensie van Sandrivier ná 'n byeenkoms op P.A. Venter se plaas Zandrivier onderteken,

> *tusschen Haare Majesteit Assistent Commissarissen Major W.S. Hogge & den WelE. Heer C.M. Owen aangesteld tot schikking van de affaire op de Oostlyke & Noord-oostelyk grenzen van de Kaap de Goede Hoop aan den eene zyde, en ... Afgevaardigden van de Emigranten Boeren wonende ten Noorden van Vaalrivier aan de andere zeyde.*[140]

---

135 Let wel, volgens T.R.H. Davenport, *South-Africa – a modern history*, p. 69, is hierdie ooreenkoms met Retief gesluit.

136 H.S. Pretorius e.a. (reds.), *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, pp. 26, 317.

137 E.A. Walker, *The Great Trek*, pp. 118, 226; H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, p. 145; A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 204.

138 7 Okt. 1845, J.H. Breytenbach & H.S. Pretorius (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844-1850 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, pp. 162-165.

139 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, pp. 523, 524.

140 18 Mrt. 1852 goedgekeur deur die Volksraad, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, pp. 288-290.

Hierna is ook 'n traktaat van vrede en vriendskap tussen Pretorius en Mosjwesjwe onderteken.[141] Op 23 Februarie 1854 is daar in Bloemfontein 'n konvensie onderteken tussen Sir George Russel Clerk (Her Majesty's Special Commissioner) en inwoners van die distrikte Bloemfontein, Smithfield, Winburg, Harrismith en Sannah's Poort,

> *finally freeing them from their allegiance to the British Crown, and declaring them, to all intents and purposes, a free and independent people, and their Government to be treated and considered thenceforth a free and independent Government.*[142]

Die emigrant-boere het voortgegaan met uitbreiding, soos getuig deur die grond wat hulle van die "Bosemans kaptyns David Dantze(r) en Cobus Kousop" aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier verhandel het.[143] Die meeste trekkers was veeboere, en politieke vraagstukke het hulle net geraak indien dit hulle belange in gedrang gebring het. Gevolglik het dit geblyk dat die meerderheid afgevaardigdes tydens die bogenoemde Bloemfonteinse byeenkoms ten gunste van die behoud van Britse gesag was.[144] Die Britte was weer oortuig dat die trekkers gebruik moes word om die uitgestrekte grense van Suid-Afrika te help beveilig. Dit is te verstane dat die pioniers in die nuwe republiek in daardie stadium verdeeld kon wees. Diegene wat in die gebied ten noorde van die Vetrivier tot aan die Vaalrivier gewoon het (wat 'n gedeelte van die studiegebied insluit), het 'n eenheidsband met hulle volksgenote aan die noordekant van die Vaalrivier aangevoel, terwyl diegene in die suidelike deel van die Vrystaat nie republikeine was nie en sterk bande met die Kaapse Afrikaners gehad het.

Water en vestiging

Die beskikbaarheid van water vir die mens in die vorm van skoon drinkwater en vir reiniging en kookaktiwiteite, asook vir die suip deur vee, het 'n beduidende rol gespeel in die keuse van die plek waar mense uitgespan het. Dit is hier voor die hand liggend dat water, weiding en wild noodsaaklik vir die oorlewing van beide die mense en hul diere was. Die trekgeselskap waarvan eerwaarde Smit deel was,

---

141 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 525.

142 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, p. 95.

143 6 Sept. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 173.

144 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 203; G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 551.

het byvoorbeeld saam met oorlewendes van die Liebenberggeselskap by "soete" water "in de nabijheid van't halvemaansgebergte" kerk gehou.[145] Nie net word die smaak van die water beskryf nie, maar ook die Koepel-omgewing se berglandskap. Die trekboere, jagters, reisigers, handelaars en ook sendelinge wat met ossewaens in die binneland getrek het, het dienooreenkomstige behoeftes gehad en gevolglik naby 'n waterbron hulle tente opgeslaan en uitgespan,

> *aan de oevers eenen rivier, dan weer bij bron of beek, of wel, bij de een of andere 'pan' (een natuurlijke holte met regenwater gevuld), maar altijd, waar men de beste weiden vindt voor het vee, dat men heeft meegevoerd, en waar het meeste wild word aangetroffen.*[146]

In die inleidende aanhaling aan die begin van hierdie hoofstuk word geskets hoe daar met 'n "berekenende oog van die rivier af tot by die berge" gekyk is en die perderuiter besluit het dat "hy sal terugkom". Dit is dus te verstane dat die voorste trekkers ná die Britse besetting van Natal in 1842 'n tweede georganiseerde trek uit Natal na die omgewing van die Mooirivier (Potchefstroom) en Vaalrivier onderneem het.[147] Die "veroweraars"[148] het na Natal getrek, maar weer teruggekeer na die gebied by die Vaalrivier suid van Potchefstroom, om hulle permanent daar te vestig, omdat hulle vroeër daar deurgetrek het en besef het dat dié landstreek water en goeie weidingspotensiaal gehad het.[149] Dit is ook opvallend dat die Koepellandskap soos die berge, valleie en die Vaalrivier, ooreenkomste toon met die gebied waar die trekgeselskap oorspronklik uit die Oos-Kaapse distrikte vandaan kom.[150] Groepe wat van een gebied na 'n volgende migreer, dra meestal hulle kultuur en idees saam met hulle. Verder kan daar aangeneem word dat die emigrant-boerefamilies ná hulle omswerwinge in Natal, hulle in die Koepel kom vestig het, nie net vanweë die gunstige klimaat, hout en watervoorraad nie, maar ook omdat hulle vroeër in die omgewing was en daar tuis gevoel het. Die Vaalrivierwateromgewing het ook diegene wat agterna uit die Oudtshoorn-omgewing getrek het se keuse van vestiging in die onderhawige area

---

145 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 82.

146 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 95.

147 W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 202; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde*, p. 19; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

148 C.M. van den Heever, *Anderkant die berge*, p. 13.

149 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), telefoongesprek 2011.07.18.

150 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; GPA, MO2, O. Basson (76), Parys 2011.05.14.

beïnvloed.[151] Daarby het hulle soos die meeste immigrante gaan vestig waar familie en vriende reeds woonagtig was.[152]

Die boerende gemeenskap

Die soldate en seevaders van die V.O.I.C het die eerste vryburgers in die Kaap geword. Hulle het hul familiebande met die Europese kontinent verbreek en met die Hugenote geassimileer. Hierdie mense was kerkgangers en meestal Protestants-Calvinisties van geloofsoortuiging. Nederlands het mettertyd ontwikkel in Afrikaans aan die Kaap. Die voorste trekkers (later Voortrekkers genoem) was hoofsaaklik van Nederlandse en Duitse, maar ook van Franse, Sweedse en Deense herkoms. Hulle omgangstaal was Nederlands of vroeë Afrikaans gewees. Die meerderheid van hierdie trekkers het die Kaapkolonie met hulle beeste, perde en skape verlaat op soek na 'n stuk grond waar hulle hul permanent kon vestig. Hulle het voorts bestaansboerderye bedryf waar landbou slegs beoefen is vir die bevrediging van hulle materiële behoeftes.[153] Gevolglik is gewasverbouing op beperkte skaal beoefen, maar meestal net genoeg om in een jaar se behoeftes op die plaas te voorsien.[154] Waar dit moontlik was, het hulle water uit riviere en spruite gekeer en dan gewasse wat hulle gesaai het, daarmee benat.

Calvinisme het die pioniers grotendeels gekeer om kapitaliste te word. Daarby het hulle bestaansboerdery veroorsaak dat hulle as ekonomies onwaardige mense gesien is.[155] Die feit dat die boerende gemeenskap die volksbenaming van "Boere" in die geledere van Afrikaanse kulturele dampkring gekry het, was glad nie toevallig nie. Teen 1890 het 90% op plase gebly en min het oor industriële vaardighede beskik.[156] Aangesien die meeste Afrikaners (soos hulle teen die einde van die agtiende eeu na hulleself verwys het) minstens twee eeue lank boerdery

---

151 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

152 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27; D. Hoerder, "Losing national identity or gaining transcultural competence: changing approaches in migration history" in G.H. Haupt & J. Kocka (eds.), *Comparative and Transnational history: central European approaches and new perspectives*, p. 249.

153 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (2): 1806-1854*, p. 565.

154 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 11.

155 H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a People*, p. xiv.

156 H. Giliomee, *The Afrikaners, biography of a People*, p. xiv.

beoefen het, en self na hulle arbeid vernoem is, het die woorde Afrikaner en "Boer" met verloop van tyd sinoniem geword.[157]

In een van die eerste geskiedenisboeke in Afrikaans, S.J. du Toit e.a. se *Die Geskiedenis van ons land in die taal van ons volk* (1877), word daar verwys na "die ou'e Voortrekkers" wat plase gaan aanlê en die binneland "beskaaf" het.[158] Daarbenewens het hulle, as trekkers, oorwegend dieselfde karaktertrekke as die trekkers en grensboere in die ooreenstemmende tyd in ander wêrelddele soos Amerika vertoon.[159] F.J. Turner het opgemerk dat die makmaak van die onbewoonde grensgebied nie maklik was nie. Gevolglik was hierdie groep mense fisies en sosiaal mobiel en het hulle 'n sterk gevoel van individualisme en uithouvermoë getoon. Hy het ook aangevoer dat hulle nuwe ondernemings met entoesiasme aangepak het, en gewillig was om kommandodiens te doen of om te deel in burgerlike pligte. Verder het hulle 'n hoë premie op hulle Christelike geloof, waardes en opregtheid geplaas, maar die regering of owerhede grotendeels gewantrou. Daarby het hierdie mense 'n sterk gevoel van nasionalisme ontwikkel, gewortel in 'n trots op suksesvolle oorwinnings. Waar moontlik het hulle ook nuwe tegnologie aangewend ten einde meer effektief te wees.[160] 'n Paar dekades later het die sosioloë Robin M. Williams en James Henslin nóg karaktertrekke by dié van Turner gevoeg.[161] Hiervolgens was trekker- en grensboere hardwerkend en prakties, het hulle mekaar in tye van nood bygestaan, en ook 'n hoë premie op godsdiens en persoonlike vryheid, asook demokrasie en gelykheid geplaas. Hulle het daarby 'n kenmerkende ras-beheptheid getoon, met 'n oordrewe gevoel vir groepsmeerderwaardigheid, die huwelik en familiebande.

---

157 P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842,* p. 191.

158 F.A. van Jaarsveld, "Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe 'Voortrekkers' en 'Groot Trek'" in *Hertzog-Annale van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, 4(2), Des. 1955, p. 84.

159 Anon., *F.J. Turner, Frontier Theory 'Characteristics'* FAST-US-2 American Institutions Survey Department of Translation Studies, University of Tampere [Website: http://www.uta.fi/FAST/US2/ REF/fjt.html] [Accessed: 2012.02.17].

160 Anon., *F.J. Turner, Frontier Theory 'Characteristics'* FAST-US-2 American Institutions Survey Department of Translation Studies, University of Tampere [Website: http://www.uta.fi/FAST/US2/ REF/fjt.html] [Accessed: 2012.02.17].

161 Anon., *F.J. Turner, Frontier Theory 'Characteristics'* FAST-US-2 American Institutions Survey Department of Translation Studies, University of Tampere [Website: http://www.uta.fi/FAST/US2/ REF/fjt.html] [Accessed: 2012.02.17].

Vroeër was grondbesit in Amerika, volgens wetgewing, eenvoudig. Mens het 'n area afgebaken, vir vyf jaar bewoon en bewerk, waarna jy eiendomsreg ontvang het. Soortgelyk het die Vrystaatse Volksraad met wetgewing verskillende bepalings rakende permanente vestiging neergelê,[162] soos byvoorbeeld dat 'n plaas gedurende drie agtereenvolgende jare ná die datum van die toekenning van die lening, deur die eienaar bewoon of laat bewoon moes word. Verder moes die okkupant 'n sterk huis van klip of klei, nie kleiner as 6 m (20 vt.) lank by 3,65 m (12 vt.) breed nie, met mure van 1,83 m (6 vt.) hoog op die plaas bou.[163] Hierdie minimum vereiste het veroorsaak dat Vrystaatse plaashuise wat vóór 1854 gebou is vergroot moes word om aan die wetgewing te voldoen, en dat die meeste pionierswonings in die Koepel-omgewing en ook elders in die binneland reghoekig volgens hierdie die afmetings gebou is.

Die Vaalrivier as grenslyn

Die Vaalrivier, soos ons hom vandag noem, was vroeër onder verskillende name bekend gewees. Die Khoikhoin het die rivier "Ky-Gariep" of die "Vaal of Gelerivier" genoem, die inheemse stamme het na die Likwa of Namigari verwys, en daar is in 1867 tydens die tweede Basotho-oorlog na die Likwa, Kapokspruit of Elandsrivier verwys.[164] Die Griekwas het die naam na die Vaalrivier verander en die emigrant-boere het hierdie benaming van hulle oorgeneem,[165] heel moontlik omdat dit 'n goeie beskrywing van die kleur van die water was.

Kaarte is menslike abstraksies van 'n fisiese landstreek, en as 'n mens die posisie van die Vaalrivier op ou kaarte vergelyk, kan mens sien dat die rivier se ligging verander het namate die inligting rakende die omgewing verbeter het.[166] Net die geskiedenis rondom die kartografie van die Vaalrivier en omliggende gebied is omvangryk. Die vroegste kaart-pogings was bloot sketse met aanduidings van baaie en riviermondings, en toon besondere vindingrykheid. Feitlik niks is op die korrekte plek nie en min moeite is gedoen om die binneland te karteer. Eers later,

---

162 13 Mei 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 310-312.

163 Hierdie mates stem grotendeels ooreen met die van die pionierswoning, die eerste eenvoudige maar permanente woonstruktuur wat uit materiaal (gras, pale, klip, klei en mis) wat in die onmiddellike omgewing beskikbaar was, gemaak is.

164 F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, pp. 5, 137.

165 F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, p. 5.

166 F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, pp. 20, 53, 72.

as gevolg van die trek van die vee- en trekboere, handelaars en vlugtelinge na die binneland en die ruiltransaksies en gevolglike konflik met die inheemse bevolkingsgroepe, het die nodigheid ontstaan om die binneland te karteer. Gedurende die 18de eeu is verskeie ekspedisies van sover as die Oranjerivier, Plettenbergbaai en Graaff-Reinet uitgestuur vir dié doel. Die vroeëre landmeters het met ossewaens gereis om die binneland te karteer en dit op sigself getuig van hulle deursettingsvermoë. Ná die koms van landmeters en hul opmetingstoerusting in suidelike Afrika het die kartografie merkbaar verbeter. Teen die middel-1850's is noukeurige landkaarte (wat 'n mens as kunswerke kan beskou) van die binneland geteken.

In die suidelike gedeelte van Suid-Afrika is riviere reeds sedert die 17de eeu as sigbare grensaanduiding gebruik.[167] Die Liesbeekrivier was aanvanklik die oosgrens waar die eerste Vryburgers hulle in 1659 gevestig het. Hierna is die Bergrivier wat deur die Drankensteinvallei loop, gesien as die grensgebied waar die Hugenote hulle gevestig het. Teen 1700 is die Breederivier in die omgewing van Tulbagh en die Warmbokkeveld as oosgrens beskou. Hierna het die grense telkemale geskuif, eers na die Gamtoosrivier, daarna na die Seekoeirivier (by die huidige Colesberg), toe die Katrivier, en teen 1780 na die Vis-, die Keiskamma-, Boesmans- en die Keirivier. Gedurende die 1830's het die Xhosa-, Thembu-, Pondo- en Fingo-groepe tussen die Keiskamma- en Umzimvuburivier gewoon. Verder oos langs die Natalse kus is die Umzimkulu- en Tugelarivier ook as grense gesien. In die binneland, tydens en ná die "Groot Trek", is die Oranje-, die Vaal- en Limpoporivier as grenslyne gesien, asook die Caledon- Modder-, Vet- en Renosterrivier in die Vrystaat, en die Groot Maricorivier (Marikwa) in die Wes-Transvaal.

In die Z.A.R. is die Hartzrivier en Schoonspruit, asook die Vaalrivier (twee wyke), Krokodil-, Heks-, Mooi-, Aapjes-, en Elandrivier as wyksaanduidings in die distrikte gebruik (*Kaart 10*). Die Rhenoster-, Valsch-, Modder- en Vaalrivier is dienooreenkomstig as grensaanduidings in die Noordwes-Vrystaat gebruik, soos blyk uit die afbakenings van die vroeë wyks- en distriksgrense. Die wyke op die grondbriewe van die eerste plase in die Vrystaat[168] word as *onder*, *midden* en *boven Valschrivier*, *boven Modderrivier*, *onder en boven Rhenosterrivier* en *onder Vaalrivier* aangedui.

---

167 G.M. Theal, *History of South Africa*, pp. 36, 52, 61, 86, 87, 88, 172.

168 VAB, AKT, landregisters Kroonstad-distrik [boeke 2/1/1/98 A-2/1/1/102 E].



Kaart 10: Die Vaalrivierwyk in die Potchefstroom-distrik (Z.A.R. 1873)[169]

Dit blyk verder dat die grondbriewe vir meeste van die Koepelplase wat vanaf 1848 aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier uitgegee is, aan die westekant in die wyk *onder Rhenosterrivier* en aan die oostekant in die wyk *boven Rhenosterrivier* geval het. Verder is hierdie plase aanvanklik in die sogenaamde "Vaalrivier-, later Harrismith-distrik" of "Vaalrivier- of Harrismith-distrik" getransporteer en dan in Bloemfontein geregistreer.

169 Let wel: daar is twee Vaalrivier-distrikte, een suid van Potchefstroom en die ander een suid van Middelburg. F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (Ph.D.), kaarte in 'n koevert teen agterblad.



Kaart 11: Die Oranje-Vrystaat se distriksgrense (1890)[170]

[Legende: bevolkingsverspreiding per vierkante myl aangetoon, 1.609 km is 1 myl]

Ná die Bloemfontein-konvensie (1854) het die distriksgrense geskuif en het die meeste van die onderhawige plase in die Kroonstad-distrik (*Kaart 11*). geval. Vredefort het eers ná 1902 'n landdrosdistrik geword, waarna die distriksgrense weereens verskuif het. Reeds vóór Uniewording is daar met 'n landswye heropmeting van plase begin, met die doel om by die Britse imperiale stelsel van mate in te skakel. Gevolglik het al die Vrystaatse Koepelplase weer nuwe nommers gekry. Die mees oostelike plase het ná 1951 na distriksverskuiwings in die Parys-distrik geval, en die plase se nommers het andermaal verander.

[170] H.J. van Aswegen, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1977(1), p. 22.

Die Vaalrivier was gedurende die 19de eeu, soos reeds genoem, agtereenvolgens 'n distrikslyn tussen die Voortrekkerpioniers, 'n skeidslyn tussen die Britse koloniale suide en republikeinse noorde, en 'n "broederstroom" wat die twee Boererepublieke van mekaar geskei het.[171] In 1877, met die anneksasie van Transvaal, het die Vaalrivier 'n grenslyn tussen die Britsbesette Transvaal en die Republiek van die Oranje-Vrystaat geword, ná die Transvaalse Vryheidsoorlog in 1881 tot 1902 weer 'n republikeinse binnegrens, waarna dit eers twee Britse kolonies van mekaar geskei het, en ná 1910 twee provinsies van die Unie van Suid-Afrika.[172] Hierdie rivier is reeds in 1898 as die "voornaamste rivier" in die Z.A.R. gesien.[173] Dorpe is langs die oewers gestig en industriële komplekse het aan weerskante daarvan ontwikkel.

Tydens die Unie van Suid-Afrika 1910-1960 en die Republiek van Suid-Afrika 1960-1994, was die Vaalrivier 'n gedeelte van die provinsiale grenslyn tussen die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse provinsies. Sedert 1994 is die Vaalrivier die provinsiale skeiding tussen die Gauteng- Noordwes- en Vrystaat-provinsies. Die Vaalrivier is ook 'n fisiese grens wat die Koepel-omgewing in twee dele verdeel (noord en suid). Vanweë beperkte oorgange oor die Vaalrivier, is inwoners in die noorde (in Noordwes-provinsie) en in die suide (in die Vrystaat-provinsie) grootliks van mekaar geïsoleer. Die rivier kan gevolglik as beide 'n logistieke en 'n psigologiese skeiding tussen die betrokke gemeenskappe gesien word. Selfs vandag word die Koepel-inwoners verdeel in die Vrystaat-Grondeienaars-Vereniging (voorsitter mnr. J. Beytell) suid van die Vaalrivier, en die Koepel-Meteoriet-Park, ook bekend as die Bewarea (voorsitter mnr. G.P. Schoeman), en die Noordwes-Koepel-Grondeienaarsvereniging (voorsitter adv. De Waal Nigrini) aan die noordekant van die Vaalrivier.[174] Dit is nodig om daarop te let dat die

---

171 Aangesien die woord "broederskap" op 'n vriendskaplike betrekking soos dié tussen broers dui, kan ons aanneem dat die verwysing na die Vaalrivier as broederstroom 'n aanduiding is van die vriendskaplike betrekkinge tussen die emigrant-boere aan die noordelike kant van die rivier met hulle "broers" aan die suidekant, soos reeds elders vermeld.

172 F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, pp. 5, 6.

173 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 334.

174 Koepel-Grondeienaars-vergadering, Saterdag 2011.05.21, Khaya Ibhubesi. Meer as 300 grondeienaars was teenwoordig waartydens die oorgrote meerderheid, nadat die belange van die grondeienaars erken is, gestem het ten gunste van die proklamering. Die mediator adv. Willie Pienaar van Stellenbosch wat deur die regering aangestel is, mnr. Dirk Hermann van Solidariteit (sy pa is 'n Koepelgrondeienaar) en mnr. Ben Marais van Transvaal-Landbou-Unie was ook teenwoordig.

verwysing na die Vredefortkoepel as 'n gebied, betreklik onlangs (2005 met die lys van die omgewing as 'n wêrelderfenisterrein) sy beslag gekry het. Ten einde historiese inligting oor die area te orden, is dit egter van belang om die inligting aangaande die omliggende streke, dorpe, asook grensverskuiwings en tydperke in gedagte te hou.

Dit lyk asof die Vredefortkoepelgebied, soos dit vandag bekend staan, gedeeltelik in beide die gebiede wat vroeër as Gatsrand en Riemland bekend gestaan het, geleë is. Die Vaalrivier was die grenslyn tussen hierdie twee gebiede gewees. Die gedeelte noord van die Vaalrivier het onder die suidelike deel van Gatsrand geval, en die deel aan die suidekant weer onder die noordoostelike deel van Riemland. Die verwysing na "de Zuidzijde van de gat" en die gebruik van "aan Gat zijn rand" en "aan de Rand van de Gat" toon daarop dat 'n bepaalde gat, naamlik 'n reuse-oersinkgat op die terrein van die latere Doornfonteinmyn as landmerk vir die trekkers gedien het.[175] Die Gatsrand waarna hierbo verwys word (nie die latere Gatsrand-wyk nie) is die grasveld-gedeelte noord van die Vaalrivier en oos van die Mooirivier, wat noord tot by die Magaliesberg en oos tot by die Heidelberg-distrik gestrek het, en Riemland (waar baie wild was) was die gedeelte wat suid van die Vaalrivier tot oos van die Vetrivier gestrek het. Dit is interessant om daarop te let dat die bogenoemde gebiede elk sy eie kulturele identiteit verkry het.

In die geskiedenis van die Boererepublieke het grenskwessies 'n belangrike rol gespeel. Daar was geskille tussen die Republieke en inheemse bevolkingsgroepe, kwessies met die Britse regering, asook 'n paar vraagstukke onderling tussen die Republieke self. Die Britse regering het in 1848 die Vaalrivier tot noordelike grenslyn van die Oranjerivier-Soewereiniteit geproklameer. In 1852 is die Boere ten noorde van die Vaalrivier onafhanklik verklaar en is die rivier weereens as grenslyn bevestig. Met die erkenning van die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat in 1854 het die Vaalrivier die grenslyn tussen die twee Boererepublieke geword. Die bolope van die Vaalrivier is egter nie in die Sandrivierse konvensie duidelik omskryf nie. Daaruit het die Kliprivierse (en latere Eilande-grensgeskil) tussen die twee state ontwikkel, wat eers in 1870 opgelos is. Teen 1848 is daar na drie groot regionaal-politieke groepe in die Oor-Vaalse gebied verwys. Die groepe was die Potchefstroom-Magaliesberg-groep noord van die Vaalrivier, die

---

175 E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamasie van Carletonville in 1948 (Ph.D.), p. 7.

Ohrigstad-groep wat die 26° Suid-breedtegraad as grenslyn aanvaar het, en die Soutpansberg-groep onder leiding van Potgieter wat oorvleuelende aansprake oor die res van die oor-Vaalse gebied gehandhaaf het.[176] Eersgenoemde groep het die Vaalrivier as suidelike grenslyn beskou. Ons kan uit bogenoemde inligting aanneem dat die Vaalrivier reeds teen 1848 deur die Voortrekkers as 'n grenslyn beskou was.

Op 17 Januarie 1852 (met die sluit van die Sandrivier-konvensie)[177] is die Vaalrivier as 'n geskikte grenslyn tussen die twee Boererepublieke gesien, omdat dit 'n duidelik-sigbare baken was om grensgeskille te probeer voorkom.[178] Die Vaalrivier word betrek by verskeie bepalings van dié konvensie tussen die Britse regering en die "Boeren". Die tweede bepaling het aangetoon dat, indien daar enige verskil van mening oor die Vaalrivier mag ontstaan, 'n kommissie verkies sal word om die saak te ondersoek. Die Assistent-Kommissaris het derdens ontken dat daar enige bondgenootskappe "ten Noorden van de Vaalrevier met gekleurde natien" bestaan het. Verder is enige vorm van slawerny "gepractiseerd of toegelaten in de landstreek Noord van den Vaalrevier door de Emigranten Boeren" deur die vierde bepaling verbied. Daarby is die vrye beweging van handelaars en reisigers "weerzeide van de Vaalrevier" bekragtig. Diegene met ammunisie "komende van die Zuid van de Vaalrevier" moes egter 'n magtigingsbrief, met vermelding van die hoeveelheid ammunisie in hulle besit, by die eerste magistraat "Noord van de Vaalrevier" toon. Die sesde bepaling het handel in ammunisie met "de gecolleurde" deur sowel die Britse regering as deur "den Emigrante ten Noorden en Zuyden van den Vaalrevier ten strengste verbied". Daar is ook volgens die sewende bepaling onderneem dat kriminele en voortvlugtiges "aan beide zeide van de Vaalrevier" uitgelewer sou word. Daarby erken die negende bepaling die bestaande grondbesit van alle individue, die reg om hulle grond te verkoop en om ongesteur dan oor "de Vaalrevier te trekken".

Dit blyk tog dat hierdie bepalings nie konstant deur alle partye nagevolg is nie, en dat daar ook weinig indien enige beheer uitgeoefen is. Ten spyte van die sewende bepaling, het die Vaalrivier as grenslyn gedurende die tydperk van die

---

176 G.D.J. Duvenhage, Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847-1852), in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1956(1), p. 207.

177 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 91-93.

178 F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, p. 80.

Zuid-Afrikaansche Republiek (1852-1902) en die Oranje-Vrystaatse Republiek (1854-1902) vir diegene wat van die Transvaal weggevlug het, 'n veilige skuilplek verseker. Stephanus Schoeman, 'n omstrede Transvaalse leier, het byvoorbeeld vir kmdt. S.J.P. Kruger en sy kommando gevlug, die Vaalrivier oorgesteek en na die veiligheid van sy plaas Nooitgedacht aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier gevlug (die plaas is later gekonsolideer in die huidige Baskop 461 IQ).[179] Schoeman het blykbaar in die wyk Vaalrivier groot aanhang gehad, en sy beweegrede om te vlug moontlik was om 'n gewapende konfrontasie noord van die Vaalrivier te probeer voorkom.[180]

Die Britse regering het die Voortrekkers as bondgenote gebruik om die uitgestrekte grense in die binneland te help beveilig. Gevolglik is die Bloemfonteinse konvensie op 23 Februarie 1854 onderteken, waarvolgens die Oranjerivier wat lank reeds as staatkundige noordgrens van die Kaapkolonie beskou is, as grenslyn van die Oranjeriviergebied erken is. Die bepalings 1, 2, 4 tot 7 en 9 van hierdie konvensie kom grootliks ooreen met die bepalings 1, 3 tot 5, en 7 tot 9 van die konvensie by die Sandrivier. Die ooreenkoms tussen die Britse regering en die Griekwas rakende die verkoop van grond is egter opgehef, en die vryheid van aankoop van ammunisie in die Britse kolonies is volgens die derde en agtste bepalings van die Bloemfonteinse konvensie bygevoeg.[181]

Grondbesit

Grondbesit kan omskryf word as die eiendomsreg op grond, met ander woorde die wetlike reëling waarvolgens toegang tot die benutting van grond verkry kan word.[182] Verder mag die eienaar binne die bepalings van die wet sy grond bewerk, verbeter, verhuur of verkoop, en die owerheid kan inspeksies doen en van die eienaar belasting en registrasiegelde eis. Daarby kan grondbesit met 'n verband beswaar word.

---

179 O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde*, p. 274.

180 O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde*, p. 302.

181 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 95, 97.

182 NWU-biblioteekdienste, Elektroniese WAT.

Aan die Kaap

Die ontwikkeling van grondbesit in die 17de eeu tydens die Kompanjiesbewind aan die Kaap kan kortliks teen die volgende agtergrond gesien word.[183] Die eerste vryburgers van 1658 was landbouers, en het hoofsaaklik koring gesaai. Alhoewel die koloniste hul grond verniet gekry het, was produksiekoste in verband met graanbou baie hoog, aangesien 'n tekort aan arbeiders 'n groot probleem was. Verder het akkerbou onpopulêr geword en gebly vanweë die suidooste-wind se skade en die lae inkoopprys van die *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (V.O.I.C.) Die eerste uitbreiding na die binneland het juis plaasgevind om akkerbou te bevorder. Tog is die ontwikkeling van die veeboerdery as 'n belangrike bedryf gesien en deur die Kompanjie-regering aangemoedig. Veeboerdery het met verloop van tyd 'n selfstandige bedryf geword en was meer populêr as akkerbou, aangesien dit minder gekos het om 'n skaap te teel of te ruil as om 'n mud koring te produseer wat ongeveer dieselfde markwaarde gehad het. Hierby het die vervoer van akkerbouprodukte na die markte groot moeite en onkoste meegebring, terwyl vee hulleself op eie bene na die mark kon vervoer.

Die Kompanjie het teen 1670 die stelsel van veeposte ontwikkel, en die vryburgers het sy voorbeeld gevolg.[184] Waar weiding beperk geword het, moes die boere hul vee dieper die land instuur om goeie weiveld te vind. Gevolglik is daar in 1679 deur die regering aan 'n aantal boere weiregte in die binneland verleen.[185] Sedert 1703 is weilisensies aan boere uitgereik om op veeposte van hulle eie keuse buite die grense van die Kaapkolonie met hulle vee te gaan wei. Uit die stelsel van weilisensies het met verloop van tyd 'n nuwe vorm van grondbesit ontwikkel wat algemeen bekend gestaan het as die leningsplaasstelsel.[186] Die aanvanklike gedagte was dat die boer nie te veel veranderinge op sy grond moes aanbring nie, aangesien die grond enige tyd van hom weggeneem kon word. Onder die leningsplaasstelsel het die boere egter die reg gehad om hulle plase te behou, en

---

183 P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842,* pp. 3, 5, 13, 23.

184 P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842,* p. 29.

185 P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842,* p. 30.

186 T.R.H. Davenport & K.S. Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history,* p. 1.

as die eienaars van die opgerigte opstalle, hulle grond te verkoop en die plaas aan iemand anders oor te dra.[187]

Die registrasie van grondbesit vir boerdery-doeleindes in die Kaapkolonie, soos dit ook in die eerste jare van die Boererepublieke van toepassing was, het twee vorms aangeneem, naamlik eiendomsbesit vir wyn- en saaiplase, en leningsbesit vir weidingsplase.[188] Eiendomsbesit het aanvanklik verskeie voordele ingehou. Eerstens is die grond op 'n onvervreembare grondslag toegeken en die eienaar kon na goeddunke die grond verhuur of verkoop.[189] Daar was geen belasting op eiendomsgrond aan die Kaap nie. Dit was 'n geskenk van die staat aan die grondleggers. Eers later, nadat die eiendomsgrond deur die oorspronklike eienaars verhandel is, het belastingbetalings 'n kwessie geword. Akkerbou is hoofsaaklik op eiendomsgrond bedryf, op voorwaarde dat die eienaars 'n bydrae moes lewer, soos om een tiende van die varsprodukte wat verbou is, aan die V.O.I.C. te voorsien, vrye deurgang op die grond toe te laat of om byvoorbeeld eikebome aan te plant.[190] Hierdie stelsel het uitbreiding sterk aangemoedig, maar teen 1700 het produksie die aanvraag oortref, sodat burgers verplig was om na veeboerdery oor te skakel.

Die stelsel van leningsbesit het sy bestaan grotendeels te danke gehad aan die ontwikkeling van veeteelt aan die Kaap. Die veeboere het voortdurend 'n behoefte gehad aan voldoende weiding vir hulle vee, en die stelsel waarvolgens hulle 'n jaarlikse belasting vir die huur of leen van 'n plaas betaal het, het hulle goed gepas. Volgens Art. 267 in *Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop, 1805*, was die verkryging van grond in daardie dae baie eenvoudig.[191] Daar was min landmeters en die akte-registrasiekantoor het nog nie bestaan nie. Die leningsplaas is gewoonlik

---

187 P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842*, p. 131.

188 C.G. Botha, *Social life in the Cape colony with social customs in South Africa during the 18th century*, pp. 13, 66, 67.

189 C.G. Botha, *Social life in the Cape colony with social customs in South Africa during the 18th century*, p. 66.

190 T.R.H. Davenport & K.S. Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history*, pp. 1, 2; C.G. Botha, *Social life in the Cape colony with social customs in South Africa during the 18th century*, pp. 66, 67; M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 30.

191 T.H.R. Davenport & K.S. Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history*, p. 3.

uitgemeet, deur 'n sentrale punt (*ordonnantie*), gewoonlik 'n spruit of waterbron, te identifiseer waar die beoogde huis gebou sou word, en dan is daar op 'n perd teen 'n looppas vir 'n halfuur in alle rigtings gery om die plaasgrense te bepaal.[192] Elke leningplaas het dus 'n deursnee van 'n uurpas oorkruis beslaan, was teoreties sirkelvormig, en gesentreer om 'n waterbron.[193] Hierdie berekening, wat ook in die Boererepublieke gevolg is, was dan ongeveer 3 000 morg (2500 ha.) groot.[194] Geen inspeksies is aanvanklik gedoen nie, behalwe waar grensgeskille ontstaan het. Verder kon die bewoner van die grond vir 'n onbepaalde tyd daar bly, solank hy sy jaarlikse "weilisensie", huurgeld of belasting betaal het. Volgens die Grondwet van die Z.A.R. is eiendomsreg op grond soms skriftelik verkry, nadat 'n persoon vir 'n generasie op een plaas gebly het.[195] Die leningsgrond was egter vervreembaar, en die bewoner van die grond was meestal verplig om verkeersweë en selfs 'n openbare uitspanplek op sy plaas toe te laat, waar die diere van reisigers toegelaat is om water te suip en om op sy grond te kon wei.[196]

Die leningsplaasstelsel is in 1813 in die Kaapkolonie afgeskaf en die rekwes-plaasstelsel, wat bepaal het dat kroongrond (staatsgrond) op die basis van ewigdurende erfpag uitgegee word, is in die plek daarvan gestel.[197] Onder die nuwe stelsel moes die boere by wyse van "rekwes" vir hulle plase aansoek doen, daarna moes 'n regeringskommissie die grond inspekteer en 'n landmeter dit opmeet, waarop die Goewerneur oor die finale uitgif van die grond beskik het nadat hy die verslae van die kommissie en die landmeter oor die betrokke grond ontvang het.[198] Daar was egter te veel aansoeke (rekweste) vir grond en te min landdroste en tyd om die grond te inspekteer, met die gevolg dat die uitgee van grond geweldig vertraag is en die regering soms 10 tot 15 jaar geneem het vir die

---

192 T.H.R. Davenport & K.S. Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history,* p. 3.

193 D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*, p. 53.

194 Die term "morgen" is 'n Nederlandse grondmaat wat in Suid-Afrika gebruik is totdat die metrieke stelsel in 1970 ingevoer is, en beteken die grondoppervlak wat in een oggend geploeg kan word, in H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a People*, p. 1.

195 13 Febr. 1858 in J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, pp. 497-525.

196 13 Febr. 1858 in J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, pp. 497-525.

197 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842),* p. 126.

198 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842),* p. 127.

uitreiking van erfgrondbriewe. Hierdie probleem het ook in die beginjare van die Boererepublieke geheers.

Grenstoestande

Die vestigingspatroon van die emigrant-boere in die binneland van Suid-Afrika stem in 'n groot mate ooreen met die historiese vestigingspatroon rondom 1838 in Noord-Amerika. As 'n mens teruggaan na die manier waarop die Europeërs na die suidpunt van Afrika asook na Amerika gelok is, en die rede waarom hulle Europa verlaat het, was dit juis die belofte dat hulle grond sou kry waarop hulle hulself kon vestig en 'n bestaan sou kon maak.[199] Die eerste drie golwe van Europeërs wat na die suidpunt van Afrika gelok is, was die Nederlanders of Eerste Vryburgers (1657), die Hugenote (1688) en die Britse Setlaars (1820). Heelwat later was die hoofrede vir die uitbreiding van die grensgebied na die binneland weereens die belofte van grondbesit, en gevolglik een van die redes waarom die emigrant-boere gretig was om die Kaapkolonie te verlaat.[200]

Frederick Jackson Turner het probeer om die ontwikkeling van die Amerikaanse grenstoestande, naamlik die plek, proses, periode en gevolge wat uniek aan Amerika is, te beskryf. Sy feite toon merkbare ooreenkomste met die meeste verwikkelinge op die grensgebiede in die binneland van suidelike Afrika wat deur Europese setlaars met hulle kapitalistiese sisteem beset is.[201] Volgens hierdie grensteorie het die grens uit 'n oop grondgebied bestaan waarop vrylik gevestig kon word. Die land was leeg en oop om te bewerk, maar dit is bewoon deur mense van 'n ander kultuur wat eers uitgedryf moes word voordat grondbesit verkry kon word.[202] Hy beskryf voorts hoe een groep mense 'n terrein binnedring wat deur 'n ander groep bewoon word, dan heers daar 'n tydelike situasie van anargie ('n reeks gevegte) waar een party in beheer is en die ander óf gevlug het óf as onderdane (arbeiders) van eersgenoemde groep die wapen neergelê het. In die proses het die setlaars hul eie kultuur behou en grotendeels hulle waardes op die ander kultuur afgedwing, wat hulle as minderwaardig beskou het. Die

---

199 L. Thompson & H. Lamar, "The North American and Southern African frontiers" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 29.

200 D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*, p. 53.

201 L. Thompson & H. Lamar, "Epilogue" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 314.

202 R. Ross, "Capitalism, expansion, and incorporation on the Southern African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 209.

inheemse groepe se grondgebied is gevolglik betree en geokkupeer, sonder dat daar met hulle geassimileer is, en hul kultuur is vinnig deur die tegnologies meer gevorderde Europese of Westerse kultuur en kapitalistiese geldstelsel verdring.[203] Hierdie teorie oor die verwikkelinge op 'n grensgebied is soortgelyk toegepas op die suidelike deel van Afrika waar die emigrant-boere kontak gemaak het met die Bantoe-sprekende bevolkingsgroepe. Laasgenoemde was fisiek sterk met 'n goeie immuunstelsel, maar nie opgewasse teen die moderne wapens (gewere) en kapitalistiese ontwikkeling van die Westerse beskawing nie.[204] Gevolglik het hierdie groep hulleself meestal as arbeiders beskikbaar gestel, om 'n uitkoms uit hulle ellende of verbetering van hul omstandighede te skep.[205]

In die Boererepublieke

Onder verskillende etniese groepe bestaan daar diverse vorme van grondbesit, soos: private, kollektiewe en gemeenskaplike of gesamentlike grondbesit. Verder is die reg om grond te besit 'n wesenlike onderdeel van die kapitalistiese stelsel en die fondasie van die Westerse beskawing, wat ook in die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) vervat was.[206] Die permanente vestiging van die pioniers langs die Vaalrivier in die Koepelgebied het baie duidelik op die terrein van grondbesit na vore gekom. Dit is om hierdie rede verstaanbaar dat die grondeienaars, veral diegene wat geslagte lank in die onderhawige omgewing woon, 'n bepaalde kulturele identiteit of passie in verband met grondbesit het,[207] en daarom sterk teenkanting teen die huidige grondhervorming en grondeise-

---

203 L. Thompson & H. Lamar, "Epilogue" in H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 314.

204 H. Giliomee, "Processes in the development of the South African frontier" in H. Lamar & L. Thompson (eds.),*The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 106.

205 T. Keegan, "White settlement and Black subjugation on the South African Highveld: The Tlokoa heartland in the North Eastern Orange Free State, ca. 1850-1914" in W. Beinart *et al.* (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 230.

206 13 Febr. 1858, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, pp. 497- 525.

207 GPA, MO2, J. de Klerk (55), Vaalkop 2011.02.10; GPA, MO2, P. Erasmus (84), Kommandonek 2011.02.05; GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; GPA, MO2, W.J.B. Jansen van Vuuren (25), Mooihoek 2008.06.04; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02; GPA, MO2, T.B. Lourens (63), Venterskroon 2011.05.25; GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19; GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Nooitgedacht 2011.02.10; GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21.

tendens sal openbaar. Die grondbesit-stelsels in die Boererepublieke (waarbinne die studiegebied val) het reeds in die 1830's, met die koms van die Voortrekkers na die gebied noord en suid van die Vaalrivier, sy beslag gekry. Die pioniers het met die afbakening van plase 'n landskapsverandering in die binneland veroorsaak. Aangesien hulle hoofsaaklik veeboere was, is ook groot plase afgebaken. Die veeboere se veestapels het geleidelik aangegroei en gevolglik het hulle meer weiveld benodig. Die staatstoekenning van grond in die Z.A.R. en O.V.S. het, soos in die Kaapkolonie, volgens die leningstelsel geskied.[208] Die maklike manier waarop die boere leningsplase kon kry, het uitbreiding in die binneland aansienlik verhaas. In wese het die grondbesitstelsel in beide die republieke primêr dus om die beginsel van grondtoekennings (uitgifte) aan emigrant-boere gewentel. Hierdie stelsel, wat in die 17de eeu tydens die Kompanjiesbewind aan die Kaap ingevoer is, was dus 'n kulturele tradisie wat oor meer as twee eeue ontwikkel het, en is as grondslag vir die plaaslike stelsel gebruik.[209]

Hierdie plase het 'n besonder lae bevolkingsdigtheid meegebring en die boere het in betreklike isolasie gewoon. Die eerste plase wat gedurende 1848-1849 binne die studiegebied opgeteken is, het aan die noordekant in die Potchefstroom-distrik (Vaalrivier-wyk), en aan die suidekant in die Kroonstad- (onder-Rhenosterrivier-wyk) en die Harrismith-distrikte (onder-Vaalrivier-wyk) geval. Uit die vroeë grondbriewe en transportaktes[210] wat aan hierdie plaaseienaars uitgereik is, blyk dit dat hierdie plase meestal leningsplase was. 'n Gedeelte van 'n leningsplaas was gewoonlik onderworpe aan 'n uitspanning waar die vee kon rus. Die plaasuitgifte wat 'n geslaagde manier was om sogenaamde "blanke vestiging" in beide die Vrystaat en Z.A.R. te verseker, het uiteraard beteken dat inheemse gemeenskappe noodwendig daardeur geraak sou word. Laasgenoemde groepe het verspreid gewoon en hulle min gesteur aan bepalings oor grond wat deur die staat vir bewoning deur pioniers (sy burgers) opsy gesit is. Op hulle beurt het die nedersetters wat van Europese herkoms was, as grondbesitters en later ook as prospekteerders die landstreek binnegekom, en hulle nie juis gesteur aan die gebiede wat deur die inheemse bevolking bewoon is nie.

---

208 D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*, p. 52.

209 T.R.H. Davenport & K.S Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history*, pp. 1, 2; C.G. Botha, *Social life in the Cape colony with social customs in South Africa during the 18th century*, pp. 3, 66, 67.

210 NWU, Fleischack-versameling [147] "Akte van Transport Tijgerfontein no. 641" 1923.08.27.

Op die gebied van grondbesit is verskeie sienings gehandhaaf. Die volgende siening (1898) het wye implikasies gehad:

> *Dat een gedeelte der Boeren het oog geslagen hadden op de pas veroverde gronden, is zeer verklaarbaar. Die landstreek, met hun bloed betaald, behoefden zij niet voor vee of geld te koopen; het land lag geheel open, was geschikt voor veeteelt en landbouw, rijkelijk voorzien van water en hout, en gemaklik bereiken. Ook was het uit een politiek oogpunt van belang om het land, waaruit ze Moselekatse verdreven had, zoo spoedig mogenlijk te bezetten, zoowel om hem het terugkeeren onmogelijk te maken, als tegenover elke andere macht, die zich het grondbezit zou willen toeëigenen.*[211]

Soos reeds vermeld, het die Voortrekkers Mzilikazi uit die vroeëre Sotho-Tswana-gebied verdryf en beslag daarop gelê voor hy kon terugkeer, 'n onafhanklike Voortrekker-republiek op 6 Junie 1837 gestig, en individuele besitreg op die grond verkry. Verowerde gebiede is vir vestiging oorgeneem, soos uiteengesit in Frederick Jackson Turner se genoemde grensteorie. Die grensgebied, wat oop was, het 'n geslote terrein geword waar die emigrant-boere nie meer die heerskappy van die inheemse bevolking aanvaar het nie. Gevolglik kon die inheemse stamme nie na die gebied terugkeer nie.

Vestiging noord van die Vaalrivier

Die historiese omstandighede in die Koepelstreek het 'n bepalende rol in die nedersetting gespeel. Die Koepellandskap was verlate teen die einde van die *Difaqane* en slegs rondtrekkende San-groepe het in die bergagtige gebied gebly. Grond was dus volop. Die eerste permanente vestiging het aan weerskante van die rivier plaasgevind. Verder is die streeksverspreiding van sommige emigrant-boere se plase bepaal deur die feit dat hulle hoofsaaklik pastorale beesboere was. Hierdie plase was noodwendig verder van die rivier af, in die omgewing van Potchefstroom (die Carletonville-dolomitiese grasveldbioom) en Vredefort (die Vredefortkoepel-granietgrasveldbioom) geleë. 'n Baie belangrike bron van inkomste vir die staat was die verkoop van grond.[212] Só is daar in 1859 byvoorbeeld besluit dat hereregte van een en 'n half persent op die verkoopprys ingevorder sal word, vir elke plaas transportkoste betaal sal word, en 'n bedrag (vyf riksdaalders) vir die los van die grondbrief gehef sal word. Ook op die

---

211 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald,* p. 156.

212 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 71.

verkoop van dorpserwe moes, soos in die geval van plase, hereregte betaal word. Uit hofgelde, inspeksiegeld, watergelde, markgelde en skutgelde het die regering ook 'n inkomste verkry.

Vir die strekking van die studie sal daar 'n seleksie van oorspronklike plase in die Vaalrivieromgewing bespreek word. Die eerste plase noord van die Vaalrivier is in die Potchefstroom-distrik uitgemeet. Die oorspronklike plase wat binne die studie-area geleë is, is van links na regs (*Kaart 12*) Grootedrift, Nooitgedacht, Kromdraai, Rooderand, en die aangrensende plase Tijgerfontein, Buffelskloof, Koedoeslaagte, Koppieskraal en Rietpoort. Hierdie plase grens (met uitsondering van Tijgerfontein) almal aan die Vaalrivier.



Kaart 12: Die plase noord en suid van die Vaalrivier onder bespreking (1900)[213]

Die eerste plase in die Z.A.R.

Dit blyk dat interaksie tussen die menslike nedersettings en die wateromgewing binne die raamwerk van die omliggende streke se historiese en politieke

213 TAB, Kaart: 3/506 "Kroonstad" Maart 1900.

ontwikkeling plaasgevind het. Dit het mettertyd 'n sekere gelaagdheid aan die omgewing gegee om 'n kultuurlandskap met 'n eie karakter te ontwikkel. Die waarde van grond het verskil, op grond van die ligging van die plaas, die hoeveelheid water vir besproeiingsdoeleindes en die voorraad hout op die plaas.[214] Hieruit kan afgelei word dat hierdie plase langs die Vaalrivier meer waarde as die droë plase sou gehad het. In beide die Z.A.R. en die Oranje-Vrystaatse Republiek is die Natalse Republiek se beginsels van grondbesit toegepas.[215] Hiervolgens kon elke burger op grond van sy sogenaamde "burgerregte" aanspraak maak op 'n plaas van 3 000 morg (2500 ha.), en kon ouer inwoners selfs twee plase besit.[216] Die landdros het eers 'n sertifikaat van registrasie uitgereik op die versoek van 'n bewoner van 'n ongeokkupeerde stuk grond, op voorwaarde dat die grond geïnspekteer word. Grondpryse was aan die begin van die 19de eeu in die Z.A.R. oor die algemeen betreklik laag, aangesien die regering sy eie burgers gehelp het deur kroongrond (grond wat aan die Britse regering behoort het) gratis uit te deel.[217] Op hierdie wyse is mense na geokkupeerde gebiede gelok, en permanente vestiging aangemoedig. Kommandodiens was een van die voorwaardes verbonde aan hierdie uitgifte.

Buffelshoek, een van die eerste plase noord van die Vaalrivier, is in 1841 geregistreer.[218] Hierna het daar meer as 10 jaar verloop voordat verdere registrasies van eiendomme aldaar plaasgevind het. Die redes vir die laatregistrasies kan toegeskryf word aan die feit dat die regering nog nie behoorlik gefunksioneer het nie. Die Burgerraad of Volksraad het byvoorbeeld vir die eerste keer op 9 April 1844 te Potchefstroom gesit.[219] Op 30 November 1855 is 'n beswaar geopper teen die voorgestelde nuwe grondwet van die Vrystaat waarvolgens alle regte op grond ontneem sou word en die grond aan die staat sou

---

214 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 24.

215 T.R.H. Davenport, *The beginnings of urban segregation in South Africa, the Natives (Urban Areas) Act of 1923 and its background*, p. 2.

216 1858, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 464; 29 Apr. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 129, 130, 135.

217 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 23.

218 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 100.

219 J.H. Breytenbach & H.S. Pretorius (reds.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844-1850 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. xxiv.

behoort om te verkoop vir regeringsinkomste.[220] Dit blyk dat die plase in Transvaal eers heelwat later geregistreer is, ook vanweë die opvatting dat die grond aan die regering behoort.[221]

Tussen 1852 en 1877 was die destydse Transvaal 'n geïsoleerde deel van Suid-Afrika. Die voorste trekkers het hulle reeds teen 1852 (Sandrivier-konvensie) aan beide kante van die Vaalrivier gevestig.[222] Met uitsondering van bogenoemde plaas (Buffelshoek), is die plase eers nadat die Z.A.R. tot stand gekom het (1852) gemeet en op die eienaar se versoek 'n grondbrief uitgereik (*Tabel 1*). Volgens die Volksraadsbesluit van 1855, Artikels 159 en 160, is besluit dat slegs burgers wat ouer as 16 jaar was grond mog besit. Burgerskap is verkry indien 'n persoon in Afrika gebore is, as Voortrekker die land binnegekom het (voor 1852), 'n sogenaamde "blanke" was of, indien hy van die Kaapkolonie gekom het, in besit was van 'n getuigskrif van goeie gedrag wat deur 'n koloniale regter uitgereik is.[223] Die teenwoordigheid van natuurlike water, met ander woorde 'n fontein, spruit of rivierfront, was nie net 'n keuse vir vestiging nie, maar ook 'n vereiste wat die owerheid van Transvaal gestel het voordat 'n plaas uitgemeet is.[224] Derhalwe is net die beste grond vir boerderydoeleindes uitgesoek, en het vestiging en waterkonflikte menigmaal saamgeval. Die besproeiingsplase Rietpoort (1854) en Koppieskraal (1856) val in hierdie kategorie.

Die plase (Tabel 1) aan die noordekant van die Vaalrivier (vanaf Grootedrift tot Rietpoort) vorm deel van die Potchefstroom-distrik se vestigingsgeskiedenis.[225] Op Grootedrift, was 'n besige drif naamlik Dewetsdrif, wat na 'n vorige eienaar

---

220 J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, p. 327.

221 13 Febr 1858, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 497.

222 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 430.

223 13 Febr. 1858, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 497.

224 D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*, p. 52; F.A. Venter (red.), *Water*, p. 270.

225 Die RAK plaasregisters is nie by die Transvaal Argiefbewaarplek in Pretoria beskikbaar nie, en meeste plase se inligting ook nie op internet nie. Gevolglik sal die inligting uit die RAK 2689 Indeks van transportboek 1853-1858, die NWU Fleischack-versameling asook die studie van S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A., PU vir CHO, 1984), gebruik word {inligting verkry uit laasgenoemde bron is in *Tabel 1* gemerk met 'n *}.

vernoem is.[226] 'n Gedeelte is in 1893 opgemeet en aangedui as servituut (staatsgrond).[227] Ná die ontdekking van goud in dié area (1887) is die plaas Nooitgedacht opgemeet vir die eienaars P.G., G.P., H.J., M.J. & W.H. Schoeman.[228]

TABEL 1: Die datums van uitgifte of eerste beskikbare opmetings, oppervlaktes in morg en die vroeë eienaars van oorspronklike plase noord van die Vaalrivier in die studiegebied

Plaasnaam	IQ no.	Datum	Morg	Eienaar
Grootedrift[229]	499	1893	1 480	De Wet
Nooitgedacht[230]	508	1856 1887	2 767	1856 H.J. Erasmus oordrag na M.G. Schoeman*
Kromdraai[231]	509	1884	1 294	1884 oordrag van Matthys Andries de Beer* na G.P., H.J. & W.H. Schoeman, D.H. Marx
Rooderand[232]	510	1868* 1887	2 570*	Gabriel Mattheus Wolmarans
Buffelskloof[233]	511	1859 1888	1 445 361	Matthys Laas oordrag na S.G. Wolmarans 1888 onderverdeling J.H. Hattingh
Buffelskloof[234]	483	1859*	onbekend	D.S. Jansen van Vuuren*

226 TAB, Kaart: 3/506 "Kroonstad" Maart 1900; GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

227 CSG, *Grootedrift 499 IQ Potchefstroom district 706/1893* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

228 CSG, *Nooitgedacht 508 IQ Potchefstroom district 10388/1887* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

229 Voorheen no. 278, daarna no. 16; Eerste eienaars onbekend, maar die drif is vernoem na een van die vorige eienaars, GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

230 Voorheen no. 662, daarna no. 56; CSG, *Nooitgedacht 508 IQ Potchefstroom district 10388/1887* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

231 Voorheen no. 165, daarna no. 142; CSG, *Kromdraai 509 IQ Potchefstroom district 10194/1884* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

232 Voorheen no. 26; Eerste eienaars is onbekend; die derde eienaar G.M. Wolmarans, in S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

233 Voorheen no. 24; Die eerste opmeting was in 1859, in NWU, Fleischack-versameling [2584] "Opmeting en transportakte" 1859.04.06; die grond is op 1859.04.06 oorgedra vanaf die staat na M.P. Laas en ses dae later 1859.04.12 vanaf M.P. Laas na S.G. Wolmarans, in TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., p. 165; Mei 1888 is 'n gedeelte van 361 morg aan J.H. Hatting verkoop CSG, *Buffelskloof 511 IQ Potchefstroom district A1461/1934* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

234 Voorheen no. 44; Op 1859.04.16 eienaarskap van die staat na D.S. Jansen van Vuuren en op 1961.02.29 na M.P. Jansen van Vuuren, in TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., pp. 169, 275.

Plaasnaam	IQ no.	Datum	Morg	Eienaar
Buffelshoek[235]	471	1841*	4 024*	Daniël Jacobus Robberts*
Koedoeslaagte[236]	516	1858*	2 195*	Petrus Lourens Jansen van Vuuren (senior)*
Koedoesfontein[237]	478	1889	3 777*	Petrus Lourens Jansen van Vuuren*
Koppieskraal[238]	517	1855 1856*	onbekend 2 778*	P.J. Harp oordrag na G.G. Van Deventer 1856 oordrag van P.J. Marx na J.J. Prinsloo*
Rietpoort[239]	518	1854	5 802*	Marthinus Johannes van Staden
Tijgerfontein[240]	488	1876	5 291	Bernardus Gerhardus Venter

In die Vrystaat was gesamentlike eienaarskap van 'n plaas ook 'n algemene verskynsel.[241] D.H. Marx het in 1853 by die Volksraad aansoek gedoen om goud op Kromdraai te prospekteer, waaroor beriggewing in die *Friend* 1854.03.11. verskyn het.[242] Eienaarskap van Kromdraai het telkemale verwissel, op 1855.08.21 van die staat na SJ. Kruger, op 1857.10.26 van H.A. de Beer na S.G. Wolmarans, op 1859.09.14 van S.G. Wolmarans na S.G.P. Wolmarans, en op 1870.01.16 na H.G. Schoeman.[243] In 1884, tydens die goudstormloop, het 'n onderverdeling van dié plaas plaasgevind.[244]

---

235 Eienaarskap is op 1868.12.07 van D.J. Greylingh na E.J.A. Grimbeeck oorgedra en op 1872.08.12 van Gert Johannes Jansen van Vuuren na Jan Lodewyk Jansen van Vuuren, in TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., pp. 150, 1015.

236 Voorheen no. 59; Terreinondersoek Koedoeslaagte 2011.03.02 (grafsteen).

237 Voorheen no. 12; In 1889 opgemeet, in 1913 geregistreer tydens die eerste onderverdeling, in S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

238 Voorheen no. 9; TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., p. 85; S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

239 Voorheen no. 66; S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

240 Voorheen no. 70; 'n Prospekteerkontrak is op 1 Mei 1933 toegestaan, aan ene Charles Petrus Theron, die eienaar van die plase Tijgerfontein en Rooderand, asook aan Rooderand Main Reef Mines Ltd., NWU, Fleischack-versameling [147] "Koopbrief" 1943.02.27.

241 VAB, AKT, Harrismith [Boek A]; Kroonstad [2/1/1/98, Boek A]; [2/1/1/99, Boek B]; [2/1/1/100, Boek C]; [2/1/1/102, Boek E].

242 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, p. 234.

243 TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., pp. 67, 111, 194, 705.

244 CSG, *Kromdraai 509 IQ Potchefstroom district 10194/1884* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

In 1866 is die burgerreg tot grond in die Z.A.R. opgeskort, wat 'n styging in grondpryse en spekulasie aangewakker het.[245] Dit was ook die geval binne die studiegebied. Wat die prys van grond betref, was daar geen standaard van toepassing nie en pryse het baie gewissel na gelang van die ligging en geaardheid van die betrokke grond. Dit blyk dat Rooderand in hierdie tydperk (1868) opgedeel, opgemeet (1887) en verkoop is, voordat Venterskroon as dorp geproklameer is.[246] Die plaas Buffelskloof (tans 511 IQ) wat gedeeltelik aan Rooderand en die Vaalrivier grens, was 'n leningsplaas.[247] Hierdie plaas was gesog, aangesien daar goud gedelf is.[248] Ons kan die eienaarskap terugvoer na die 1860's, soos aangeteken op die transportakte waarin eienaarskap van Bekker na Venter en van Venter na Schoeman aangedui word.[249] Op 1869.07.01, gedurende die eerste Republikeinse periode, is dié plaas vanaf mej. Maria Elizabeth Bekker (weduwee Scheepers) na Pieter Albert Venter (na wie Venterskroon vernoem is) oorgedra. Dieselfde Venter het ook die aangrensende plaas Rooderand 26, waarop Venterskroon gestig is, besit. Hierdie eerste transportaktes (soos Bekker-Scheepers) van die Republikeinse eienaars het nie seëls of die Registrateur van Aktes se handtekening op gehad om die koop te bekragtig nie. Die rede daarvoor is die hersiene Wet vir die Registrasie van Aktes en die instelling van 'n Registrateur van Aktes wat eers in 1864 in Potchefstroom plaasgevind het, en die finale registrasie daarná gevolg het. Landdros C.J. Bodenstein van Potchefstroom het op hierdie akte van transport (1864.07.01)[250] verklaar dat die plaas Buffelskloof (wyk Vaalrivier) getransporteer is van Bekker (weduwee Scheepers) na Pieter Albert Venter, in ooreenstemming met die ondertekende koopkontrak van 1864.04.20. Die aankoopprys was £400, en P.J. van Biljon het as getuie langs die landdros geteken. Op die latere transportakte van 7 Februarie 1866 is oordrag van die plaas Buffelskloof weer aan Stephanus Gerhardus Schoeman aangedui, en toe deur J.J. Meintjies as Registrateur van Aktes geteken. Verder is dit interessant

---

245 T.R.H. Davenport, *South Africa – a modern history*, p. 76.

246 CSG, *Rooderand 510 IQ Potchefstroom district A2408/1953* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

247 NWU, Fleischack-versameling [2584] "opmeting en transportakte 1906, hernuwing van mijnpacht" vir 10 jaar.

248 NWU, Fleischack-versameling [2584] "opmeting en transportakte 1906, hernuwing van mijnpacht" vir 10 jaar.

249 NWU, Fleischack-versameling [2584] "Oorspronklike aktes gedurende die eerste Republikeinse periode, Buffelskloof no. 24, Vaalrivier" 1864.07.01.

250 NWU, Fleischack-versameling [2584] "Oorspronklike aktes gedurende die eerste Republikeinse periode, Buffelskloof no. 24, Vaalrivier" 1864.07.01.

om daarop te let dat hierdie transportakte eers in 1868 (twee jaar later) te Pretoria geregistreer is. P.A. Venter het in 1885 'n verband by die bank bekom om die aangrensende plaas Rooderand aan te koop.[251] Op hierdie stadium is grond nie meer deur die staat aan burgers uitgedeel nie. Op Buffelskloof (later 483 IQ), 'n onderverdeling van die oorspronklike oewerplaas Buffelskloof, is vir goud gedelf.[252]

Argeologiese opgrawings het vestiging uit die Laat-Ystertydperk op Buffelshoek, die aangrensende plaas van Buffelskloof, bevestig. Buffelshoek is nie 'n oewerplaas nie. Die datum van die eerste grondbrief is onbekend, maar die eiendom is een van die oudste plase noord van die Vaalrivier in die Koepel-omgewing. Die betrokke plaas is in 1841 toegeken aan M.G. Schoeman.[253] Kommandant-generaal Hendrik Potgieter het op uitnodiging van Sir Harry Smith vir Richard Southey, die gesant van die goewerneur, op 1848.11.28 op Buffelshoek (wat op daardie stadium die eiendom van S. Jansen van Vuuren was), ontmoet.[254] Die grafsteen van Petrus Lourens Jansen van Vuuren, wat die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 oorleef het, is op Koedoeslaagte opgerig.[255] Gedurende 1851-1852 was een van die besige driwwe (Vanvurensdrift) op die transportroete vanaf Bloemfontein oor Vredefort na die Magaliesberg, op hierdie plaas.[256] Nádat goud op Kromdraai ontdek is, is verskeie plase onderverdeel en verkoop (soos Kromdraai, Nooitgedacht, Rooderand, Buffelskloof en Koedoesfontein). Dit is 'n aanduiding dat grond as 'n gesogte bate beskou is. Op die aangrensende plaas het "Die slag van die Vaalrivier" in Augustus 1836 plaasgevind.[257] Verskeie onderverdelings grensverskuiwings en/of konsolidasies het vanaf 1866 tot 1983 plaasgevind gevolglik het die oorspronklike plaas Kopjeskraal in 1983 reeds uit 72

---

251 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 7.

252 CSG, *Buffelskloof 483 IQ Potchefstroom district 288/1889* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

253 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), pp. 10, 100.

254 C. Potgieter & N.H. Theunissen (reds.), *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 199.

255 Terreinondersoek Koedoeslaagte 2011.03.02.

256 J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the country of the Transvaal Boers, 1851-52" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, kaart p. 234.

257 GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21.

onderverdelings bestaan.[258] In 1855 is eienaarskap van P.J. Harp na G.G. Van Deventer oorgedra,[259] een jaar later (in 1856) het 'n oordrag van P.J. Marx na J.J. Prinsloo plaasgevind,[260] op 1869.10.28 (tydens 'n onderverdeling) is eienaarskap vir 'n gedeelte van die plaas oorgedra aan P.H. Rheeders, F.J. Muller en J.L. van Coller.[261] Die Van Collerhuis op Lanquedoc 'n gedeelte van Koppieskraal, wat in die 1870's opgerig is, is moontlik J.L. van Coller se huis.[262] Op die aangrensende plaas (later bekend as Rietpoort) het die Liebenberg-moord in Augustus 1836 plaasgevind.[263] Rietpoort het vanaf in 1983 reeds uit 90 plaaseenhede bestaan, as gevolg van onderverdelings van die oorspronklike plaas, grensverskuiwings en/of konsolidasies.[264]

Die grondwet van die Z.A.R. van 1858, Artikel 7, het onder meer bepaal dat plase nie groter as 3 000 morg (2500 ha.) mag wees nie.[265] Alhoewel Buffelshoek (4 024 morg), Koedoesfontein (3 777 morg), Rietpoort (5 802 morg) en Tijgerfontein (5 291 morg) die maksimum grootte oorskry, is hierdie plase voor daardie datum uitgegee en het die meeste plase op daardie stadium buitendien aan meer as een persoon behoort. Koedoeslaagte (1858) en Buffelskloof (1859) voldoen wel aan hierdie wetlike voorskrifte.

Die Vaalrivier het tydens die Groot Trek (1834-1854), in die tydperk van die Z.A.R. (1852-1902) en die O.V.S.-Republiek (1854-1902), asook met die ontdekking van diamante (1867) en goud (1884), 'n belangrike rol in dorpsvestiging en in die afbakening van grense gespeel. Amptelike bewyse van eienaarskap is vroeër as onnodig beskou, en het eers belangrik geword ná die ontdekking van genoemde diamante en goud in die O.V.S. en die Z.A.R. Hierdie ontdekkings het tot ekonomiese groei in die binneland gelei, en gevolglike immigrasie na die gebied

---

258 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 101.

259 TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., p. 85.

260 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10.

261 TAB, RAK, 2689, Indeks van transportboek 1853 e.v., p. 841.

262 GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21.

263 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 49, 1986(2), p. 35.

264 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 101.

265 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 497.

aangemoedig. Gedurende hierdie tydperke was permanente vestiging 'n duidelike ontwikkelingstendens in die omgewing. Op die demografiese en sosiale terrein het die grootste verandering hoofsaaklik as gevolg van die toename in die nedersetters se bevolkingsgetalle gekom. Gevolglik het daar teen die tagtigerjare 'n behoefte ontstaan om selfs onbewoonde staatsgrond vir vestigingsdoeleindes in beide die Z.A.R. en O.V.S. beskikbaar te stel, soos byvoorbeeld die plaas Grootedrift (1893).

Dorpe aan die noordekant van die Vaalrivier

Binne die studiegebied kan verskeie tipes nedersettings onderskei word, naamlik landelike en stedelike nedersettings en kern- en verspreide nedersettings. Die kern- en verspreide nedersettings berus op 'n patroon of rangskikking van nedersettings-implemente (geboue) ten opsigte van mekaar. 'n Verspreide of geïsoleerde patroon is een waarin die individuele geboue geïsoleerd is. In die yl bevolkte gebied soos die Koepelkern lê individuele opstalle dikwels baie kilometers van mekaar af. Hierteenoor dui 'n kern- of kompakte nedersetting op 'n digte groepering van geboue, met strate wat hulle onderling verbind. 'n Voorbeeld hiervan is die groter dorpe, soos Parys, Vredefort en Potchefstroom (*Kaart 13*).

Die alleenstaande opstal, die landelike gehuggie en die myndorp kan almal as landelik beskou word. Die landelike bevolking woon óf in dorpies (landelike kernnedersettings) óf in alleenstaande plaasopstalle (verspreide landelike nedersettings). Die dorp, die stad, die munisipaliteit, metropolitaanse of kernstreke word almal as nie-landelik of stedelik geklassifiseer. Verder is dit opmerklik dat landelike nedersettings ook kleiner as die stedelike tipes is. Die landelike nedersetting se patroon waarin hulle gerangskik is en hulle interne struktuur en vorm is meer informeel. Die eerste dorp op die grens van die noordwestelike gedeelte van die Koepelgebied noord van die Vaalrivier, en die aanvanklike hoofsetel van die Z.A.R., was Potchefstroom.

Potchefstroom

Die Potchefstroom-distrik was die eerste, en vroeër ook die grootste, distrik van die destydse Transvaal gewees. Die area het aanvanklik wyd gestrek, noordwaarts vanaf die Vaalrivier (wat die noordwestelike deel van die studie-area ingesluit het) tot aan die Soutpansberg, wes tot by die rand van die Kalahariwoestyn en oos tot

by Rhenosterpoort.[266] Teen 1873 het die Vaalrivierwyk van die Potchefstroom-distrik in die studiegebied geval.[267]



Kaart 13: Die dorpe en stedelike nedersettings onder bespreking (1902)[268]

Die vroeë transportroete was ál met die waterplekke langs, waar die transportryers kon uitspan en hulle vee kon laat suip, geleë. Potchefstroom, in die nabyheid van die Schoonspruit en Mooirivier (wat in die rigting van die Vaalrivier loop), was op een van hierdie besige roetes na die Noorde geleë. As oudste Transvaalse dorp was dit, vanweë sy ligging, die handelsentrum van die betrokke streek, aangesien dit makliker bereikbaar as enige ander dorp was.[269] Die dorpie is op 22 Desember 1838, kort na die terugkeer van die trekleier Andries Hendrik Potgieter uit Natal, langs die Mooirivier aangelê.[270] Dit was die eerste dorp noord

---

266 M. Naudé, "Beyond the frontier history of the Vredefort Dome Area" in W.U. Reimold & R.L. Gibson, (eds.), *Meteorite impact!* {3rd ed.}, p. 181.

267 Aangedui op *Kaart 10*.

268 Section: Union of South Africa Map of the Transvaal, compiled and lithographed in the Surveyor-General's Office Pretoria in Dec. 1902 in L.T. Nel, *The Geology of the country around Vredefort: an explanation of the geological map*, g.p.

269 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 178.

270 D.J. P. Haasbroek, "Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?" in *Contree*, 3, Jan. 1978, p. 25; G. Jenkins, *A century of history, the story of Potchefstroom*, p. 7.

van die Vaalrivier en hoofstad van die Z.A.R. tot in 1853. Vóór die stigting van Parys (1882) en Vredefort (1882) was dit die naaste groot handelsentrum aan die studiegebied (ongeveer 24 km (15 myl) vanaf Nooitgedacht)[271] en verdien vermelding in die onderhawige studie. Dié dorp het 'n goeie mark vir wol, volstruisvere, vrugte, graan, tabak en slagvee gehad tot voordeel van die boerende gemeenskap.[272] In Potchefstroom, wat uitgelê is volgens die model van Pietermaritzburg, het ondernemings van Natal en die Kaapkolonie takkantore geopen om die vervoer van handelsware na die Z.A.R. te vergemaklik.[273] Uit die aard van die saak het die dorp 'n besondere bydrae tot die konstitusionele, kulturele en kerk-geskiedenis gelewer. Op 9 April 1844 is die eerste vergadering van die nuwe Volksraad van Potchefstroom (1844-1845), en op 15 Junie 1852 is die eerste sessie van die Volksraad van die Z.A.R. op Potchefstroom gehou.[274] Op die dorp was drie "Hollandsche" kerke, twee of drie Engelse kerke, staats-, sending- en ander skole, banke, twee of drie drukkerye, 'n hotel, twee koringmeulens wat met water aangedryf is, en verskeie prokureurs en notarisse.[275]

Daar was ook 'n sterk vreemde, veral Engelse element in die vroeë dae in Potchefstroom teenwoordig.[276] Van die sakeondernemings op die dorp het ongeveer een derde aan Engels-sprekendes behoort. Oscar Wilhelm Alric Forssman was 'n Sweedse sakeman wat in 1852 vanaf Natal na Potchefstroom verhuis het, waar hy baie ryk geword het uit sy invoer van ammunisie en sy handelaarsbesigheid.[277] Hy was ook die stigter van "The Transvaal and Goldfields Extension Transport Company" in die 1870's, wat 'n poskoets- en passasiersdiens vanaf Potchefstroom oor Gatsrand na Pretoria en Lydenburg op kontrakbasis in die Z.A.R bedryf het.[278] As die Sweedse Konsul-generaal vir Portugal in

---

271 CSG, *Nooitgedacht 508 IQ Potchefstroom district 10388/1887* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

272 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 388.

273 G. Jenkins, *A century of history, the story of Potchefstroom*, p. 8.

274 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1844-1850 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 1, p. 3; 15 Jun. 1852, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, p. 70.

275 F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 389.

276 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 179.

277 W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography (1)*, p. 295.

278 E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamasie van Carletonville in 1948 (Ph.D.), pp. 165, 166.

Potchefstroom, wou hy 'n Skandinawiese besproeiingsnedersetting op die Vaalrivier naby die huidige Skandinawiëdrift (stroomaf van die studie-gebied) vestig. Gevolglik het daar in 1863 sowat 20 Swede (onder andere Andersen, Longrin, Hjul en Olen) na hierdie gebied gekom, maar die betrokke skema het nooit gerealiseer nie.[279] Forssman, wat verskeie plase besit het, was ook baie lief vir die geselskap van reisigers, musiek en die sosiale lewe van Potchefstroom.[280] Skandinawiëdrift het voorheen Forssman se naam gedra.

Daar word meestal aanvaar dat die naam van die dorp 'n samestelling van die eerste drie letters van Potgieter (Pot), "chief" of leier (chef) en die Mooirivier (stroom) is, maar hierdie afleiding berus grootliks op gissing.[281] 'n Franse reisiger, A. Delegorgue, het in 1840 beweer dat die naam Potschepstroom saamgestel is uit Potgieter-Scheppers-Stroom.[282] "Sheppers" kon heel moontlik verwys het na een van die eerste grondeienaars, ene J.J. Scheepers, wat plase aan beide kante van die Vaalrivier in die studie-area besit het. Hy was mede-eienaar van die plaas Vischgat, wat 'n onderverdeling van die plaas Vredefort was waarop die gelyknamige dorpie later uitgelê is, en die oewerplaas Schurwedraai in die Vrystaat.[283] Daarby was hy vóór 1864 ook mede-eienaar van Nooitgedacht en Buffelskloof – Koepeloewerplase wat in die Potchefstroom-distrik geleë was.[284]

Venterskroon

Venterskroon is een van die dorpies binne die studiegebied aan die noordekant van die Vaalrivier in die destydse Transvaal. Hierdie omgewing was eers 'n boere-gemeenskap waar veeboerdery, landbou en tabak-verbouing gefloreer het. Ná

---

279 G. Jenkins, *A century of history, the story of Potchefstroom*, p. 61; Longrin en Hjul het betrokke geraak by die goudmynbedryf op die Potchefstroomde goudvelde by Rooderand (sien Venterskroon) en Buffelskloof.

280 W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography (1)*, p. 296.

281 D.J. P. Haasbroek, "Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?" in *Contree*, 3, Jan. 1978, p. 25; naas die benaming Potchefstroom, het die naam Mooirivierdorp en verskillende wisselvorme soos *Potschefstroom*, *P.C. Stroom* en *Potscherfstroom*, meestal voorgekom; Ons kan aanneem dat die verskillende spellings aan die gebrekkige taal- en skryfvaardigheid van die trekkers te wyte kan wees.

282 D.J. P. Haasbroek, "Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?" in *Contree*, 3, Jan. 1978, p. 25.

283 VAB, AKT, Harrismith [Boek A], Kroonstad [2/1/1/98, Boek A] en Kroonstad [2/1/1/99, Boek B].

284 CSG, *Nooitgedacht 508 IQ Potchefstroom district 10388/1887* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; NWU, Fleischack-versameling [2584] "Transportakte Buffelskloof" 1895.

die ontdekking van goud in 1886[285] is mynpagte of "prospekteerkontrakte"[286] op die leningsplase Tijgerfontein no. 70, Nooitgedacht no. 667,[287] Rooderand no. 26, Kromdraai no. 165 asook Buffelskloof no. 24[288] in die Vaalrivierwyk, Potchefstroom-distrik geregistreer.

Kaart 14: Die Potchefstroom Diggings en posroete (1899)[289]

---

285 NWU, Fleischack-versameling [3764] "Prospekteerkontrak vir G.P. Schoeman van Nooitgedacht 662" 1886.09.09.

286 NWU, Fleischack-versameling [147] "Akte van Transport Tijgerfontein no. 641, Gedeelte D, Potchefstroom" 1923.08.17.

287 TAB, CT, 62 [922/05] "Sale of stands 186 & 187 in famous Town disposal of proceeds" 1905.03.02.

288 NWU, Fleischack-versameling [2584] "Buffelskloof no. 24, Potchefstroom Mijnpacht" op 1894.11.06 vir 10 jaar toegestaan en weer hernu op 1906.03.27.

289 Skets: T. Prinsloo volgens O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 4.

Hierdie plase, wat almal aaneenlopend aan die noordekant van die Vaalrivier geleë is (*Kaart 14*), het as die "Potchefstroom Diggings" bekend gestaan. Die goudmynbedrywighede in hierdie omgewing het dit genoodsaak om kommunikasie met die naaste dorpe te reël. Daar was gevolglik inwoners van die dorp wat as togryers goedere vervoer het.[290] Verder was daar ook 'n koets wat passasiers teen betaling vanaf Potchefstroom na Venterskroon vervoer het.[291] As gevolg van die mynboubedrywighede het die destydse regering op 11 Junie 1887 'n deel van die plaas Rooderand no. 26 as 'n dorp geproklameer, en erwe uitgelê waarop daar ook vergunnings toegeken is.[292]

Hierdie vergunnings was regte wat die grondeienaar teen betaling verkry het en waarvoor hy 'n lisensie van die landdros van die naaste dorp moes bekom.[293] Sindikate het van Durban, Pietermaritzburg, Grahamstown, Worcester en meestal van Kimberley gekom om te delf. Gedurende die vroeë jare het die delwers (kleimhouers) en werkers in tydelike strukture by die kleims wat hulle bewerk het, gekampeer, en later ook eenvoudige huisies daar opgerig.[294] Die eerste strukture wat opgerig is, was glo hout- en ysterpondokkies, tente en skerms, met ander woorde tydelike strukture vir verblyf van nuwe boumateriaal wat in die omgewing beskikbaar was.[295] Ons kan dus aanneem dat hierdie dorpstigting regstreeks die gevolg van die mynbou-aktiwiteite was. Die dorpie Venterskroon is uitgelê in erwe wat opgemeet is deur die landmeter en waarop maandelikse lisensiegelde betaalbaar was. Water is soos elders in die omgewing uit vlak putte verkry, terwyl sanitasie uiters primitief was. Die goud op hierdie rand van die impak-krater was egter van 'n lae gehalte in vergelyking met dié wat aan die Witwatersrand ontdek is. Nogtans het hierdie goud interessante karakters gedurende die Republikeins-Edwardiaanse tydperk na Venterskroon getrek. Daar was naas 'n mynkommissaris,

---

290 TAB, SS, 3060 [R13119/91] "S.J. Liebenberg, Venterskroon, vraagt concessie voor vervoer van alle goederen in Johannesburg en Pretoria per spoor wanneer hy den uitvoerende Raad kan zien" 1891.10.22.

291 TAB, SS, 2733 [R2355/91] "F.C. Bodenstein verzoek vrije zitplaats – koets naar Venterskroon" 1891.02.28.

292 NWU, Fleischack-versameling [2802] "Waterhofsaak 1885-1903" 127 kleims is op Venterskroon volgens vorm D, "Diagram for claims and mining rights, Surveyor-General Office Pretoria" in die Myndistrik "Klerksdorp, Transvaal Colony" toegeken, 1903.

293 H. Guest, *Klerksdorp's fifty years of mining*, p. 15.

294 TAB, SS, 3328 [R5743/92] "Waarnemende myn commissaris, Venterskroon, lokatie is niet afgebakend" 1892.05.28.

295 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

wat onder slegte toestande moes funksioneer,[296] en 'n kleiminspekteur[297] ook 'n belastinggaarder,[298] konstabel[299] en berede polisie[300] op die dorp. Verder was daar 'n vrederegter,[301] landdros,[302] publieke aanklaer,[303] en 'n geregsbode oor wie daar heelwat klagtes was.[304] Die moontlikheid om periodieke hofsittings op Venterskroon te hou, is in 1902 deur die staat afgekeur, omdat hulle nie die noodsaaklikheid daarvoor kon insien nie.[305] Intussen het die staat erwe gereserveer om regeringsgeboue, onder meer die mynkommissaris se kantoor (die latere skoolgebou), 'n polisiestasie, 'n tronk en skool op te rig.[306] Die tronk is egter eers ná 1904 op erf 798 gebou as gevolg van klagtes oor die toestand van die bestaande tronkselle wat nie behoorlik kon sluit nie.[307] Die regeringsgeboue is ook verhuur aan mense van buite die area.[308] Daar is ook dorpshuise, 'n hotel met 'n drankwinkel en anneks, 'n kerk en 'n "Algemene Boerenwinkel"[309] met 'n telegraafkantoor gebou.

---

296 TAB, SS, 2496 [R12041/90] "Commissie onderzoek Venterskroon, rapporteert den slechten toestand van een gebou waarin mynkommissaris kantoor gehouden word en vraagt dit te doen herstellen" 1890.08.29.

297 TAB, SS, 2484 [R11494/90] "Hooft mynwezen, Claiminspekteur, Venterskroon zendt in lyst vervallen prospekteer claims Juli 1890" 1890.08.21.

298 TAB, SS, 2390 [R8259/90] "Ds. Van Zyl maakt applikatie voor belastinggaarder Venterskroon" 1890.05.30.

299 TAB, SS 2489 [R11718/90] "Staatsprocureur, RE aanstellen konstabel Venterskroon" 1890.08.26.

300 TAB, SS, 2480 [R11121/90] "C.J. van der Merwe maakt applikatie by de rydende politie by Venterskroon" 1890.08.08.

301 TAB, SS, 2700 [R1475/91] "Resident vrederechter, Venterskroon" 1891.02.02.

302 TAB, SS, 2511 [R12309/90] "Waarnemende landdrost Venterskroon, geen huwelyken gesloten in Augustus 1890" 1890.09.03.

303 TAB, SP, 13 [SPR1322/88] "Publieke aanklaer Venterskroon zendt in verslag crimineele zaken over de maand Juli laaslede" 1888.08.04.

304 TAB, SS, 2482 [R11178/90] "Staatsprocureur RE aanrandings door gerechtsbode, Venterskroon" 1890.08.12.

305 TAB, LD, 184 [AG6389/02] "Establishment of a periodical court at Venterskroon" letters dated 1892.11.18 & 1892.12.16.

306 TAB, MCK, 1/37 [MC618/09] "Dimensions of the site for the school (later Government buildings) at Venterskroon" letters dated 1909.08.06 & 1909.10.18.

307 TAB, LD, 850 [4223/04] "Condition of the lock-up at Venterskroon" 1904.07.13; TAB, LD, 865 [AG4753/04] "reservation of land at Venterskroon for prison purposes" 1904.08.15.

308 TAB, SS, 3312 [R5377/92] "Mostert, Johannesburg, telegram: of hy gouvernements gebouw te Venterskroon kan huren en tot welke bedrag" 1892.05.13.

309 NWU, Fleischack-versameling [3764] "Korrespondensie de Algemeene Boeren Winkel Beperk" 1890.05.29.